Noudat dit nie langer vir Bantoes moontlik is om hulle na willekeur in die buitestedelike gebiede van die nuwe groter Pretoria te vestig nie en weens beheer van die toestroming van Bantoes in die stad, word daar nie weer so 'n toename in die Bantoebevolking in die toekoms verwag nie. Dit is moeilik om te skat wat die toename sal wees want daar hang soveel van toekomstige beleid van die Staat en die plaaslike owerheid af.

Onder die Asiate en Kleurlinge het die bevolkingsyfers, afgesien van natuurlike aanwas, taamlik staties gebly.

Onder die Blankes was daar 'n groot stygging in die bevolkingsyfers. Van 1934 tot 1944 het die bevolking feitlik verdubbel en van 1944 tot 1954 was daar 'n toename van sowat 30,000. Hierdie toenametempo is van 1954 tot 1964 volgehou. Afgesien van die buitengewone stygging vanweë inlywing op 1 Julie 1964 wil dit voorkom dat, indien dieselfde toenametempo volgehou word, die Blankebevolking gedurende die volgende 30-40 jaar moontlik kan verdriedubbel en dat daar by die oorgang tot die volgende eeu maklik sowat 700,000 Blankes in Pretoria kan woon. (Die totale bevolking kan dan ver oor 'n miljoen beloop.)

Hierdie faktore met betrekking tot bevolkingsyfers moet wel deeglik in gedagte gehou word deur diegene wat nou verantwoordelik is vir die beplanning van die toekoms van hierdie stad.

GEBOORTESYFERS:

Hier volg 'n tabel van die geboortesyfers oor tienjaartydperke:

Jaar	Blankes	Asiate	Kleurlinge	Bantoes
1934	24.50	52.21	37.60	8.74
1944	27.43	60.00	29.70	8.88
1954	27.44	37.26	36.42	31.73
1964	25.06	22.50	28.40	33.20

Daar is skaars 'n verandering in die Blanke-geboortesyfer. Die syfers vir Asiate en Kleurlinge is onbeduidend omdat die totale bevolking van hierdie groepe te klein is. Die syfers vir die Bantoes toon egter 'n baie groot toename. Dit moet egter nie verkeerd vertolk word nie want die geboortesyfer het nie eintlik gestyg nie; wat wel gebeur het, is dat die aangifte van geboortes verbeter het en dat die Bantoegeboortesyfer van 33.20 vir 1964 waarskynlik juis en moontlik ietwat aan die lae kant is.

STERFTESYFERS:

Jaar	Blankes	Asiate	Kleurlinge	Bantoes
1934	8.59	19.55	25.20	13.95
1944	6.89	13.64	15.45	10.47
1954	6.84	6.94	16.04	10.73
1964	7.35	5.55	11.40	10.84

Hierdie tabel toon weinig verandering in die sterftesyfers onder Blankes. Weer is die syfers vir Asiate en Kleurlinge onbeduidend vanweë die klein getalle. Daar is 'n definitiewe afname in die Bantoesyfer.

DIE VYF VERNAAMSTE DOODOORSAKE:

Blankes: (vyf jaar en ouer)

	1944	1954	1964
1. Siektes van bloedsomloopstelsel.....	179	1. Bloedsomloopstelsel.. 256	1. Hartkwaal..... 389
2. Siektes van senuweestelsel.....	82	2. Kanker- en ander gewasse..... 132	2. Bronchitis en pneumonie..... 145
3. Kwaadaardige en ander gewasse.....	78	3. Asemhalingstelsel.... 108	3. Kanker..... 132
4. Siektes van asemhalingstelsel.....	47	4. Senuweestelsel..... 101	4. Beroerte..... 75
5. Nie-veneriese siektes van geslagsurinére stelsel en omliggende dele.....	36	5. Ongelukke..... 51	5. Ongelukke..... 52

Nieblankes: (5 jaar en ouer)

	1944	1954	1964
1. Aansteeklike en parasitiese siektes.....	51	1. Siektes van asemhalingstelsel..... 76	1. Siektes van asemhalingstelsel..... 252
2. Ongelukke.....	43	2. Aansteeklike en parasitiese siektes..... 59	2. Siektes van bloedsomloopstelsel..... 172
3. Siektes van asemhalingstelsel.....	39	3. Siektes van bloedsomloopstelsel..... 56	3. Ongelukke..... 132
4. Siektes van bloedsomloopstelsel.....	32	4. Kanker en ander gewasse..... 34	4. Senuweestelsel 77
5. Selfmoord en doodslag..	22	5. Siektes van spysverteringstelsel..... 33	5. Kanker..... 72

In 1934 is die sterftes nie noukeurig geklassifiseer nie en derhalwe neem ek slegs syfers van 1944 af.

Uit hierdie twee tabelle sal opgemerk word dat siektes van die bloedsomloopstelsel nog altyd die grootste oorsaak van sterftes onder Blankes was. In 1944 was siektes van die senuweestelsel tweede, in 1954 was dit kanker en ander gewasse en in 1964 het bronchitis en pneumonie die tweede plek ingeneem.

Onder Nieblankes het parasitiese siektes in 1944 die grootste aantal sterftes veroorsaak en in 1954 en 1964 was siektes van die asemhalingstelsel boaan die lys.

Dit is interessant om te let op die verskil tussen die vernaamste oorsake van sterftes by Blankes en Nieblankes.

Die onderstaande tabel toon die aantal sterfgevalle en die voorkomssyfer per honderdduisend van die bevolking vir Blankes en Nieblankes van hartkwaal en kanker:—

VOORKOMSSYFER VAN HARTKWAAL EN KANKER VIR BLANKES EN NIE-BLANKES PER 100,000 VAN DIE BEVOLKING.

	Blankes		Nieblankes	
	Hartkwaal	Kanker	Hartkwaal	Kanker
1934	111.3	60.8	98.5	27.6
1944	149.1	68.5	71.1	24.4
1954	151.0	94.0	51.1	35.6
1964	226.2	76.7	80.7	37.7

Sterftes aan hartkwaal by Blankes het toegeneem van 111.3 per 100,000 in 1934 tot 226.2 in 1964, terwyl dit by Nieblankes inderdaad van 98.5 in 1934 tot 80.7 in 1964 gedaal het.

Die kankersyfer vir Blankes het gestyg van 61 in 1934 tot 80 in 1964 en onder Nieblankes het dit van 24 tot 31 per 100,000 van die bevolking gestyg—na verhouding 'n soortgelyke toename.

Nog 'n interessante faktor is dat die voorkomssyfer vir beide hartkwaal en kanker onder Nieblankes veel laer as onder Blankes is. Dit is welbekend dat kroonaartrombose baie selde onder Bantoes voorkom.

KINDERSTERFTESYFER:

Jaar	Blankes	Asiate	Kleurlinge	Bantoes
1934	68.13	121.74	244.68	621.4
1944	47.94	70.71	204.08	304.99
1954	35.57	82.25	145.08	125.98
1964	30.39	61.11	77.46	91.67

Die kindersterftesyfer word as dié aanduiding van algemene gesondheidstoestande beskou. Weer kan die syfers vir Asiate en Kleurlinge weens die klein getalle buite rekening gelaat word maar daar is 'n aansienlike daling in die kindersterftesyfer vir Blankes van 68.13 in 1934 tot 30.39 in 1964. Vir Bantoes sien ons 'n fantastiese dalende neiging van 621.4 in 1934 tot 91.67 in 1964. Hierdie syfer van 91.67 moet seker onder die laagste vir Nieblankes op die hele vasteland van Afrika wees en dit vergelyk goed met soortgelyke sosio-ekonomiese groepe in enige ander deel van die wêreld. Die afname is egter nie so groot as wat uit die syfers blyk nie. Die vroeër syfers was nie akkuraat nie omdat die geboortes nie almal geregistreer is nie terwyl die sterftes geregistreer moes word ten einde 'n begrawingsertifikaat te verkry.

Dit is onmoontlik om te raai wat die werklike syfers in die vroeë dae was, maar dit ly geen twyfel nie dat dit minstens dubbel soveel as vandag s'n was. Die huidige syfer is taamlik juis en die werklike syfer is eintlik ietwat laer.

MOEDER- EN KINDERSORG

In 1934 was daar slegs vyf gesondheidsbesoeksters. 'n Gedeelte van die kindersorg is deur die Adjunk-stadsgesondheidshoof gedoen en twee deeltydse geneeshere het by die verskillende kindersorgklinieke en voorgeboorteklinieke diens gedoen. Slegs vyf kindersorgklinieke en een voorgeboortekliniek is destyds elke week gehou.

Die eerste voltydse Geneeskundige Beamppte in beheer van Moeder- en Kindersorgdienste is gedurende 1946 aangestel. Teen hierdie tyd het die personeel aangegroei tot 11 Blanke gesondheidsbesoeksters en 9 Nieblanke verpleegsters en die aantal klinieke het tot 18 vir Blankes en 8 vir Nieblankes vermeerder.

In 1951 is daar nog 'n voltydse Geneeskundige Beamppte aangestel vir kindersorgwerk en die personeel het aangegroei tot 17 Blanke gesondheidsbesoeksters en 12 Nieblanke verpleegsters met 5 Nieblanke kliniekhelpers. Die totale aantal klinieke was 28 vir Blankes en 8 vir Nieblankes. In Mei 1951 is die polikliniek vir Bantoes te Atteridgeville geopen. Hierdie kliniek is nog een van die beste in sy soort op die vasteland van Afrika.

Aldus het die dienste van hierdie seksie vermeerder totdat daar nou in hierdie verslagjaar 6 voltydse geneeskundige beampetes in hierdie seksie werksaam is. Daar is nou 29 kindersorgklinieke en drie voorgeboorteklinieke vir Blankes deur die stad versprei en 5 kindersorg- en 5 voorgeboorteklinieke vir Nieblankes. Die totale aantal pasiënte wat nou hierdie klinieke besoek, is 37,982 Blankes by kindersorgklinieke, 2,538 by voorgeboorteklinieke, 100,179 Nieblankes by kindersorgklinieke en 34,598 Nieblankes by voorgeboorteklinieke.

TUBERKULOSE

Die verhaal van tuberkulose is baie interessant. In 1934 was daar 42 aanmeldings onder Blankes en 37 onder Nieblankes. Ons het destyds tuberkuloseklinieke vir Blankes en vir Nieblankes gehad en hoewel ons die kontakgevalle van werklike gevallen opgevolg het, is daar baie weinig met betrekking tot die opspoor van gevallen gedoen.

Die rede hiervoor was dat behandeling van tuberkulose destyds feitlik net uit rus in die bed en voeding bestaan het. Dit het hospitaalbehandeling beteken en ons het eenvoudig nie die beddens gehad om selfs 'n klein persentasie van die gevallen op te neem nie en wanneer ons meer gevallen opgespoor het, was dit onmoontlik om hulle te isolateer weens gebrek aan hospitaalbeddens. Ek het destyds twee mobiele eenhede ontwerp wat in die werwe van pasiënte geplaas kon word om as isoleringshuisvesting te dien. Dit het in 'n mate gehelp, maar daar was baie moeilikhede daarvan verbonde en die aantal kon nie vermeerder word nie. Namate die bevolking toegeneem het, het die aantal aangemelde gevallen toegeneem, maar net in geringe mate. Dit het tot 1950 voortgeduur toe die totale aantal aangemelde Blanke gevallen 32 was en die Nieblankes 94.

Net omtrent daardie tyd het die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (S.A.N.T.A.) 'n landswye veldtog begin om fondse in te samel om tuberkulose te beveg. Hul pogings is met welslae bekroon en in 1951 het hulle begin om hospitale dwarsdeur die Republiek te bou. Die eerste S.A.N.T.A.-hospitaal met 110 beddens is in 1950 in Pretoria gebou. Toe was ons in staat om gevallen op te spoor want ons kon hulle nie net hier in Pretoria isolateer nie, maar ook in S.A.N.T.A.-sentrummers elders.

S.A.N.T.A. het nou ongeveer agtduisend beddens dwardeur die Republiek beskikbaar gestel. Terselfdertyd het die Staat ook begin om nuwe tuberkulosehospitale te bou en om oues uit te brei.

Een van die grootste hulpmiddels in ons stryd teen tuberkulose was toe private ondernemings ook 'n groot aantal tuberkulosebeddens ingestel het, met goedkeuring van die Staat. Hierdie hospitale is goed toegerus, met genoegsame personeel, en het uitstekende deskundige behandeling teen baie redelike tariewe gebied. Hierna was daar nie meer 'n tekort aan beddens nie.

Al hierdie aanmoediging het die gevolg gehad dat die opgespoorde Nieblanke gevallen een jaar later van 94 tot 227 vermeerder het.

In 1950-51 is I.N.H. en P.A.S. vir die eerste keer gebruik. Hierdie spesifieke geneesmiddels was so uiters geslaagd by die behandeling van tuberkulose dat ons verdere gevallen kon opspoor,

hulle hospitaal toe stuur en so gou moontlik weer huis toe, waar die behandeling opgevolg kon word.

Aldus het die opvolgingsdiens, opsoring van kontakgevalle en soek na nuwe gevallen van jaar tot jaar gevorder, totdat die aantal nuwe Nieblanke gevallen hierdie jaar 741 beloop het.

Hierdie hoë voorkomssyfer van 741 vir Pretoria, wat beskou word om 'n lae tuberkulosesyfer te hê, is nie daarvan toe te skryf dat die gevallen toegeneem het nie. Ek twyfel nie daarvan nie dat as al die gevallen in 1934 opgespoor kon word, die aantal aanmeldings na verhouding volgens die bevolking dieselfde sou wees as in 1964. Inderdaad sou dit selfs hoér wees, maar as gevolg van ons geriewe vir hospitaalopneming en behandeling, kon ons ons pogings om gevallen op te spoor, verhoog. Afgesien hiervan het die Bantoes, vir wie die diagnose van tuberkulose voor die koms van hierdie spesifieke geneesmiddels feitlik altyd dieselfde as 'n doodvonnis was, nou begin besef dat as hulle vroeegtydig behandel word, hulle na alle waarskynlikheid heeltemal sal herstel. Dit het tot gevolg gehad dat baie meer Bantoes hulle vir ondersoek aangemeld het. Bowendien was ons steeds besig om alle seksies van die bevolking met betrekking tot tuberkulose op te voed.

Onderstaande syfers toon die verskil tussen die aantal gevallen in die jare wat ek genoem het en die sterftesyfer per 100,000 van die bevolking. Dit staaf bogenoemde bewering en toon ook hoe moderne behandeling en vroeër diagnose die kans op herstel verbeter het.

	Blankes		Nieblankes	
	Aantal gevallen aangemeld	Sterftes per 100,000 van bevolking	Aantal gevallen aangemeld	Sterftes per 100,000 van bevolking
1934	40	24.35	37	73.84
1950	32	11.36	94	72.97
1951	35	9.74	227	109.80
1964	42	2.32	741	13.22

Ten spyte van die toename in die aantal aangemelde gevallen merk ons 'n treffende daling in die sterftesyfer, wat byna ongelooflik is. Dit het gebeur nadat I.N.H. en P.A.S. vir die eerste keer in 1950–1951 in gebruik geneem is. Gelukkig het daar terselfdertyd ook meer hospitaalbeddens beskikbaar geword.

Ek is oortuig daarvan dat namate ons in die toekoms ons huidige dienste uitbrei die voorkoms en sterftesyfer van tuberkulose nog verder sal daal.

Die Blanke gevallekoers het staties gebly omdat die voorkoms onder Blankes laag is en die syfer vir Blankes in 1964 is min of meer dieselfde as in 1934 ten spyte van die toename in die bevolking omdat ons reeds vroeg al voldoende hospitaalbeddens vir Blankes gehad het.

Blankes het hulle ook by 'n vroeë stadium van die siekte vir behandeling aangemeld, terwyl die meeste van ons Bantoeaanmeldings destyds by afsterwing of in 'n gevorderde stadium van die siekte geskied het.

In 1960 is 'n massa-miniatuur-X-straal-apparaat aangekoop en baie duisende gevallen, kontakgevalle, verdagte gevallen en ander gevallen is in klein opnames met X-strale ondersoek. Ons oorweeg dit nou om nog 'n massa-miniatuur-X-straal-apparaat aan te koop waarmee alle nuwe werknemers wat by die toestromingsbeheerkantoor registreer, ondersoek sal word.

Dit is verbasend hoeveel gevallen op dié manier opgespoor word.

In 1963 het ons ook aktief begin met die toediening van B.C.G.-entstof en ons hoop om hierdie diens uit te brei om binne afsienbare tyd die hele bevolking te dek.

POLIOMIËLITIS.

Ek het die voorreg gehad om sedert sy instelling in die Tegniese Raadgewende Komitee van die Poliomielitisnavorsingstigting en in die komitee wat die Minister van Gesondheid oor virologie adviseer, te dien.

Ek het ook die eerste vyf internasionale kongresse oor poliomielitis bygewoon. Die eerste een was in 1948 in New York, die tweede in 1951 in Copenhagen, die derde in Rome in 1954, die vierde in Genève in 1957 en die vyfde weer in Copenhagen in 1960. Derhalwe het ek meer as gewone belangstelling vir die ontwikkeling van poliomielitisentstof en die toediening van massa-immunisering gehad. Vroeër jare was die voorkoms van poliomielitis betreklik laag. Onder Nieblankes is dit feitlik nooit aangemeld nie. In 1934 was daar slegs 10 Blanke gevallen en geen Nieblanke gevallen nie. Hierdie syfer het geleidelik gestyg totdat ons in 1948 69 Blanke gevallen en 4 Nieblanke gevallen en in 1957, 65 Blanke gevallen en 15 Nieblanke gevallen gehad het. Sedert ons massa-immuniseringsveldtoggie het ons egter nie 'n enkele Blanke geval van 1962 af gehad nie en daar was slegs 8 Nieblanke gevallen waarvan geeneen geïmmuniseer was nie. Ek is seker dat as ons ons immuniseringskokers hoog kan hou, ons poliomielitis sal uitroeи en ons moet hiervan seker maak. In my jaarverslag van 1961 het ek soos geskryf:

„Daar is een belangrike faktor wat ons altyd in gedagte moet hou in verband met massa-immunisering teen poliomielitis met die lewendie verswakte virus; dit sal die kwaadaardige virusse van poliomielitis uit die algemene bevolking verwijder of tot 'n minimum beperk. Dit is alles voordeilig omdat poliomielitis aldus uitgeskakel sal word. Maar dit sal ook die aantal mense in die algemene bevolking verminder wat normaalweg natuurlike immuniteit sou ontwikkel, aangesien die normale voorkoms van die virus in die algemene bevolking sal verdwyn, omdat hierdie virusse in die ingewandskanaal van persone wat met lewendie virusse geimmuniseer is, vernietig word en nie uitgeskei word nie. Aldus sal ons binne 'n paar jaar tyd in 'n behoorlik geïmmuniseerde bevolking, baie weinig natuurlike immuniteit hê. Dit maak dit vir ons verpligtend om toe te sien dat alle pasgebore kinders geïmmuniseer word wanneer hulle ongeveer drie maande oud is. As dit nie gedoen

word nie, mag ons bevind dat ons 'n nuwe jong hoogs vatbare bevolking het wat noodlottige gevolge sou hê indien daar 'n poliomielitisepidemie sou uitbreek. As ons hierdie immuniseringmiddel gaan gebruik, en ek sê ons moet, dan word dit ons plig om seker te maak dat alle pasgebore kinders insgelyks beskerm word.

Hoewel daar deur voortdurende publisiteit 'n redelike mate van sukses in hierdie rigting verkry sal kan word, is my gevoel oor hierdie aangeleentheid so sterk dat ek by die Raadgewende Komitee oor Virologie van die Minister van Gesondheid aanbeveel het dat immunisering van kinders met hierdie entstof, verpligtend gemaak moet word."

Met genoeg kan ek meld dat die Minister sedertdien dit gedoen het.

DIFTERIE:

In 1934 was daar 48 Blanke gevallen en een Nieblanke gevallen. Hierdie syfer het geleidelik gestyg totdat daar in 1942 107 Blankes en 5 Nieblanke gevallen was. Deur die jare was die voorkoms onder Nieblankes betreklik laag. Vanaf 1934 tot 1944 was die gemiddelde vir die 10 jaar vyf gevallen per jaar. Vanaf 1950 het dit gestyg en die gemiddelde jaarlikse syfer vanaf 1950 tot 1960 onder Nieblankes was 56. Dit is moeilik om hierdie styging in die syfer vir Nieblankes te verklaar, behalwe dat daar vermoed word dat die draerkoers onder die Bantoes toegeneem het of dat meer gevallen onder ons aandag gekom het. Dit is interessant om daarop te let dat die syfer vir Blankes gedurende daardie tydperk ook taamlik hoog gebly het; inderdaad was daar 'n uitbreking van difterie in 1954 toe daar 102 Blanke gevallen was.

Die grootste aantal wat in een jaar aangeteken is, is die 107 Blanke gevallen waarna hierbo verwys is. Eenaardig genoeg is daar gedurende genoemde jaar slegs 5 Nieblanke gevallen aangemeld. In nabetrating wonder 'n mens of daar nie destyds iets meer gedoen moes gewees het om hierdie eenaardige epidemiologiese verskynsel te bestudeer nie.

Namate beide die Blanke en die Nieblanke bevolking egter meer en meer deur immunisering teen difterie beskerm geword het, het ons syfers afgeneem en in 1964 was daar slegs 13 Blanke gevallen en 30 Nieblanke gevallen, ten spyte van die bevolkingstoename. Byna al hierdie gevallen is nie geimmuniseer nie en 'n paar wat die siekte opgedoen het en wat voorheen geimmuniseer is, het baie ligte aanvalle gehad. Inderdaad kan ek my nie herinner van enige noodlottige gevallen van difterie in Pretoria by 'n persoon wat op die regte wyse geimmuniseer is nie.

Desnieteenstaande is ek, wat Difterie betref, nie oortuig daarvan dat die publiek goed genoeg reageer op ons herhaalde versoek om hul kinders teen hierdie baie ernstige siekte te beskerm nie; aangesien ons so 'n doelmatige en veilige immunisering daarteen het. Dis 'n ongelukkige verskynsel dat sodra die aantal gevallen verminder, die ouers natalig en onverskillig word.

TIFOÏDE:

Dit is nog 'n siekte wat deur 'n verbetering in sanitasie en gesondheidstoestande onder beheer gebring is. In 1934 het ons 110 Blanke gevallen en 66 Nieblanke gevallen gehad. Hierdie syfer het jaar vir jaar afgeneem. Dit het slegs gestyg met die inlywing van nuwe gebiede waar die sanitasie en algemene gesondheidstoestande nie so goed was soos dié van Pretoria nie, maar 'n paar jaar na inlywing is die syfers weer afgebring en in 1964 was daar geen gevallen van tifoïde onder Blankes nie en 29 onder Nieblankes.

SKARLAKENKOORS:

Die voorkoms van skarlakenkoors het aansienlik afgeneem. Tussen die jare 1934 en 1958 is daar altyd jaarliks meer as 100 gevallen aangemeld en in talle jare was daar tussen 200 en 300 gevallen. In 1942 was daar 'n baie groot epidemie met 780 gevallen. Tweehonderd nege-en-dertig van hierdie gevallen is na die hospitaal geneem en 541 is tuis behandel. In die afgelope ses jaar het die voorkoms tot heelwat onder 100 per jaar gedaal. In 1963 het ons slegs 32 gevallen gehad en in 1964 is 47 gevallen aangemeld. Die laagste voorkoms van hierdie siekte was in 1961, toe ons slegs sewe gevallen gehad het.

Vroeër jare was skarlakenkoors 'n ernstige siekte. Vandag is dit een van die ligste van ons aansteeklike siektes. Hierdie verandering in die kwaadaardigheid van die organisme wat skarlakenkoors veroorsaak, is een van daardie eenaardige epidemiologiese gebeurtenisse waarvoor ons geen verklaring het nie.

MALARIA:

Tot in 1947 het malaria nog in Pretoria voorgekom. In 1936 is 31 gevallen wat plaaslik opgedoen is, aangemeld; in 1939, 28 en in 1942, 30. Sedert 1947 het ons slegs een gevallen gehad wat plaaslik opgedoen is en dit was in 1957. Hierdie gevallen het langs die Lourenco Marquespoorweg voorgekom en daar word vermoed dat dit moontlik veroorsaak is deur 'n muskiet wat saam met die trein gekom het. Die spoorwegoverhede bespuit hul treine baie deeglik en deur die jare heen het ons nooit ondervind dat 'n besmette muskiet per spoor ingekom het nie, maar dit is natuurlik moontlik dat 'n enkele muskiet die besputting kon oorleef het. Dit kon selfs binne in 'n tas gewees het en die tas kon oopgemaak geword het, voordat die trein by die Pretoriastasie aangekom het. Daar kan nou aangeneem word dat malaria nie meer in Pretoria voorkom nie.

By die bespreking van malaria is dit interessant om daarop te let dat ek in my 1938/1939-jaarsverslag soog volg gekonstateer het:—

„Larwes van Aëdes Argentes (draer van Geelkoors) is gevang. Uit hierdie vangste en ook uit insekte wat voorheen by Onderstepoort en Voortrekkerhoogte aangemeld is, is dit duidelik dat Aëdes Argentes goed gevestig is in Pretoria en omgewing. As die verwoesting wat tans in Suid-

Amerika deur A. Costalis, wat inheems in die vasteland van Afrika is, veroorsaak word, en wat op meganiese wyse uit Wes-Afrika in Suid-Amerika ingevoer is, in gedagte gehou word, kan 'n mens nie die moontlikheid, hoe gering dit ook al mag skyn, oor die hoof sien dat ons Aëdes besmet kan word deur menslike gevalle van geelkoers wat deur vliegtuie ingevoer word en 'n verspreiding van hierdie siekte kan veroorsaak, soortgelyk aan die verspreiding van malaria in Brasilië. In vredestyd is die risiko nie 'n bedreiging nie, aangesien vliegtuie verplig is om by antigelkoors-lughawens te land, waar isoleringsgeriewe verskaf word en voorbehoedmaatreëls getref word. Die gevaar lê egter daarin dat militêre vliegtuie nie aan sulke beperkings onderworpe is nie en in oorlogstyd sou daar 'n moontlikheid bestaan dat geelkoers in Pretoria 'n houvas kan kry. Noudat anti-malaria maatreëls goed gevestyle is, sal dit moontlik wees om meer tyd aan die geelkoorsvraagstuk te bestee en dit word volgende seisoen beoog."

Kort nadat ek hierdie verslag geskryf het, het die tweede wêreldoorlog begin en hierdie gevaar, waarna ek verwys het, het dreigend geword omdat die grootste militêre vliegveld op die grense van Pretoria geleë is. Kort na die uitbreking van die oorlog het ek aangesluit en is kort daarna as Direkteur van Higiëne aangestel. Ek was dadelik in staat om die instelling van maatreëls ter voorcoming van die moontlikheid van die verspreiding van geelkoers en ander siektes wat deur insekte oorgedra word, aan te beveel.

OOGONTSTEKING BY PASGEBORENES:

Elke jaar tot 1953 het hierdie oogaandoening van pasgeborenes slegs in geringe getalle voorgekom. Sedert daardie datum is daar slegs een geval, 'n Nieblanke aangemeld. Hierdie siekte is ook onder beheer gebring. Dieselfde geld vir tragoom. Sedert 1951 het ons slegs twee Nieblanke gevalle gehad.

STAFILOKOKINFEKSIE:

Op 20 Oktober 1961 het die Minister van Gesondheid ingestem dat dit 'n aanmeldbare aansteeklike siekte by moeders en pasgebore babas in die stad Pretoria word. Dit het beteken dat alle gevalle of verdagte gevalle in verpleeginrigtings onmiddellik aan die Afdeling berig moes word. Sover ek weet, is Pretoria die enigste plek waar dit 'n aanmeldbare aansteeklike siekte geword het. Die afkondiging van hierdie wetgewing het ons nie net gehelp om stafilokokinfeksie te beheer nie, maar het ook die persone wat in beheer is van die inrigtings, bewus gemaak van die moontlikhede en gevare van hierdie siekte. Die gevolg was baie beter algemene beheermaatreëls teen infeksies.

SLAGPLASE:

In Pretoria is die Stadsgeondheidshoof nog die Direkteur van Slagphase.

In 1934 is daar beskou dat ons slagplaas baie doeltreffend is. Byna 34,000 vee-eenhede kon maklik daar gehanteer word. In 1964 het hierdie getal tot byna 131,000 gestyg. Wat in 1935 'n doeltreffende slagplaas was, het nou verouderd, onvoldoende en hoogs onbevredigend geword. Dit is nie die skuld van die Stadsraad nie, want jare lank reeds word die bou van 'n nuwe slagplaas beoog, maar weens moeilikhede buite beheer van die Raad, is die aangeleentheid van jaar tot jaar uitgestel. Dit is verblywend om te meld dat die betrokke owerhede eindelik tot 'n besluit gekom het aangaande die toekoms van slagphase in die Republiek en daar word vertrou dat binnekort 'n aanvang gemaak sal word met die bou van 'n nuwe slagplaas.

MELKERYSEKSIE:

In 1934 is 70 produsente by die Stadsraad Pretoria geregistreer. In 1964 het hierdie getal tot nie minder as 496 gestyg.

In 1934 was daar 40 verspreidingsdepots en nou is daar 118.

In 1934 is 6,000 gelling melk daagliks in Pretoria verbruik deur 'n totale bevolking van ongeveer 90,000. Hierdie gellingmaat is van ongeveer 3,300 koeie verkry. Vir die volgende 30 jaar was daar 'n geleidelike toename in produksie, aantal koeie en verbruik. Aan die end van 1964 het die produksie 30,800 gellings melk daagliks bedra wat van ongeveer 24,000 melkkoeie verkry is.

Vroeg in die vyftigerjare het ek 'n veldtog vir die verpligte pasteurisering van melk van stapel gestuur. Eers was baie mense gekant teen verpligte pasteurisering en die meeste van die melkery-handelaars was daarteen. Dit het jare van opvoeding, propaganda en oorreding geneem om die groot meerderheid van alle seksies van my mening te laat word. Toe is verordeninge opgestel en aan die Provinciale Administrasie vir goedkeuring voorgelê. Besware teen die afkondiging van hierdie verordeninge is regstreeks by die Provinciale Administrasie ingedien. Jaar na jaar was daar vertragings en slegs na voortdurende aandrang het die Provinciale Administrasie besluit om 'n spesiale Kommissie van Ondersoek na die noodsaaklikheid van sodanige wetgewing aan te stel. Hierdie Kommissie het eenparig die afkondiging van die verordeninge gesteun en een van die hoogtepunte in die geskiedenis van melkaflewering in Pretoria was in Januarie 1962, toe die verkoop van net gepasteuriseerde melk verpligtend geword het.

Die oorskakeling, wat volgens talryke menings tot chaos, onbering en ontwrigting sou lei, is skaars opgemerk.

Ons eerste Veeartsenkundige Beampte is in 1935 aangestel en vandag is daar drie voltydse Veeartsenkundige Beampetes in die personeel, een voltyds by die slagplaas en die ander voltyds by melkbeheer.

In 1934 was daar een melkeryinspekteur in die personeel en vandag is daar vier — een Toesighoudende Gesondheidinspekteur en drie Melkeryinspekteurs.

GESONDHEIDSINSPEKTORAAT (SANITASIE)

In 1934 was daar 13 gesondheidsinspekteurs. Vandag het die Afdeling 'n personeelsterkte van 46 Blanke en 6 Nieblanke gesondheidsinspekteurs.

Gedurende die jaar 1934 was die totale getal inspeksies wat deur gesondheidsinspekteurs verrig is, 54,665, en vir die jaar geëindig 1964 was die getal 122,421.

Gedurende Desember 1949 het die Voortrekkermonumentfeesvierings in Pretoria plaasgevind. Mense het uit alle oorde van die Republiek gekom om hierdie funksie by te woon. Die hotels en losieshuise was tot oorlopens toe vol en groot getalle besoekers het in private huise gewoon. Eenhonderdduisend mense het vir 'n week by die Voortrekkermonumentterrein gekampeer en die Afdeling moes voorsiening maak vir watervoorrade, wasgeriewe, sanitêre dienste, vuilgoedverwydering en eerstehulpdienste. Die verskaffing van al hierdie geriewe het 'n ontsaglike beplanning en organisasie vereis en in die leers van die Afdeling is daar 'n volledige beskrywing van hoe die hele skema beplan is, hoe dit gewerk het en besonderhede van die hele organisasie van begin tot end. Die reëlings was so bevredigend dat daar geen onderbreking in enigeen van die dienste was nie, dat daar geen uitbreking van enige siektes weens die kamptoestande was nie en dat daar geen latere uitbreking van enige siektes was wat aan die bywoning van die vierings toegeskryf kon word nie.

Die dokument waarin al die reëlings omskryf word, behoort van groot nut te wees vir enige sodanige skemas in die toekoms.

BEHUISING VAN BLANKES:

In 1934 was daar 25 munisipale subekonomiese huise in Pretoria-Wes en Nieu-Muckleneuk.

Ons eerste skema daarna het in 1937 begin toe 100 subekonomiese huise in Rietfontein, Wonderboomsuid, Villieria, Mayville en Proclamation Hill gebou is.

Byna elke jaar, behalwe die oorlogsjare, is meer en meer munisipale huise gebou totdat die totaal in 1964 tot 1,761 behuisingseenhede, bestaande uit ekonomiese en subekonomiese huise en huise vir bejaardes, gestyg het.

Met die inlywing van die omliggende gebiede van Pretoria het die totale getal van hierdie eenhede tot 2,647 vermeerder. Ons is nou besig met die tekenings en uitleg van erwe vir ongeveer nog 800 behuisingseenhede.

Behalwe hierdie skemas het hierdie Afdeling onder sy beheer 459 behuisingseenhede, wat verhuur kan word en wat uit diverse eiendomme bestaan wat deur die Raad in verband met sy nuwe binne- en buitekringpadskemas verkry is.

In 1934 was daar geen spesiale behuisingseksie nie en die meeste van die werk in verband met behuising is deur die Stadsgesondheidshoof self behartig. Nou het hierdie eksie van die Afdeling aangegroei tot 'n personeel bestaande uit 'n Behuisingsbestuurder, 'n Adjunk-behuisingsbestuurder en 'n Administratiewe Beampie met 'n personeel van ses en 10 Behuisingsstoesighoudsters wat almal Universiteitsgraduarde is met 'n agtergrond van maatskaplike wetenskap. Bowendien is daar 7 Blankes en 52 Nieblankes wat na die huise omsien.

BEHUISING VAN NIEBLANKES:

In 1934 was die Stadsgesondheidshoof ook belas met Nieblankesake. Weens die uiter swak behuisingsstoestande van die Bantoes is daar in 1936 besluit om 'n nuwe Bantoeoord op die Westelike Dorpsterrein te bou. Hierdie dorp is nou bekend as Atteridgeville. In 1937 is daar 'n aanvang gemaak met die bou van huise in hierdie gebied. Gedurende 1938 is daar 'n Bestuurder van Nieblankesake aangestel en 'n nuwe Afdeling Nieblankesake is gestig.

Teen 1941 is 700 huise reeds in Atteridgeville bewoon en teen 1942 is daar reeds 980 huise opgerig. Namate die nuwe huise opgerig is, is die ou slumwonings in die ou Bantoeoord Marabastad gesloop. Vandag is daar 8,244 huise in Atteridgeville en al die Bantoes is uit die ou Marabastad verwyder en die slumwonings is gesloop.

Terwyl Atteridgeville opgebou is, was Bantoes van die platteland besig om hulle in baie groot getalle in die omstedelike gebiede van Pretoria te vestig en slumtoestande het vinnig aan die grense van die stad begin ontwikkel. Op versoek van die Staat het die Stadsraad besluit om al hierdie gebiede op te ruim en om 'n nuwe Bantoeoord aan die oostekant van Pretoria te bou. Vir hierdie doel is die plaas Vlakfontein aangekoop. Een van die eerste stappe wat die Raad gedoen het om hierdie nuwe skema te loods was om 'n klein tegniese komitee onder die voorsitterskap van die Stadsgesondheidshoof aan te stel. Die Komitee het met groot entoesiasme en energie gewerk, talryke struikelblokke is gou uit die weg geruim en 'n volledige verslag tesame met aanbevelings is aan die Raad voorgelê.

Die Raad het hierdie verslag aanvaar wat onder andere die aanstelling van 'n Blanke oopsigter belas met boubedrywighede aanbeveel het. Hierdie Blanke het 'n aantal Bantoes wat opgeleide timmermans en messelaars was, bymekaargebring en hulle het, onder toesig van 'n Blanke direkteur, 'n aantal nuwe Bantoes as bouwers opgelei. Daar is weldra 'n aanvang gemaak met die boubedrywighede, wat geheel en al met Bantoe-arbeid uitgevoer is. Namate die nuwe huise opgerig is is die slumtoestande in die omstedelike gebiede opgeruim. Vandag is al die Bantoes uit hierdie gebiede verwyder en die slumwonings is gesloop. Die naam van hierdie Bantoeoord, wat eers as Vlakfontein bekend was, is later na Mamelodi verander en die dorp het nou 9,820 behuisingseenhede. In albei hierdie Bantoeorde is daar uitstekende munisipale gesondheidsklinieke wat voor-siening maak vir buiteasiënt-, kindersorg-, kraam-, voorbevalling-, nabevalling-, immuniserings-, tuberkulose- en geslagsiektedienste, met toereikende geriewe, geneeshere en opgeleide verpleeg personeel.

Die inlywing van Hercules op 1 Mei 1949 het ook die Bantodorp Lady Selborne ingesluit waar daar tans 35,000 Bantoes gehuisves word. Hierdie hele gebied wat nou tot 'n „Blanke"-gebied geproklameer is, kan slegs as 'n slum beskou word en die Raad is daadwerklik besig om al die inwoners na die bestaande Bantodorp te verwyder. Daar word vertrou dat hierdie swartkol binne die volgende jaar of twee opgeruim sal word.

Sommige Indiërs en Kleurlinge woon nog onder baie onbevredigende toestande, maar die nuwe Indiërdorp Laudium het reeds 430 nuwe huise en binne die volgende jaar of so behoort al die Indiërs hier onder goeie toestande hervestig te wees. Kliniekdienste word verskaf.

Dieselfde geld vir die Kleurlinge vir wie 'n nuwe dorp te Eersterust gestig is, waar 250 wonings reeds opgerig is. Die hervestiging van die Kleurlinge behoort binne die volgende jaar voltooi te wees. Kliniekdienste sal ook hier verskaf word.

ALGEMEEN:

By die uitvoering van sy pligte is dit noodsaaklik vir 'n Stadsgesondheidshoof om in noue voeling met alle seksies van die publiek te bly deur middel van vrywillige, liefdadigheids-, welsyn-, geneeskundige en newe- geneeskundige organisasies. Dit word ook van hom verwag om in soveel moontlik van hierdie organisasies te dien. Dit neem alles heelwat tyd in beslag maar dit is noodsaaklik om die volste samewerking, vertroue en goeie verhoudinge tussen alle groepe binne die gemeenskap te verseker.

Dit was my voorreg om in baie van hierdie organisasies te dien en ek doen dit nou nog. Ek noem hulle hier, nie in 'n gees van „self-verheerliking" nie, en ek vertrou dat dit nie aldus vertolk sal word nie, maar slegs om aan te duï hoe belangrik hierdie aspek van die werk van 'n Stadsgesondheidshoof is.

1. Noord-Transvaalse tak van die Geneeskundige Vereniging van Suid-Afrika. (Voormalige president).
2. Federale Raad van die Geneeskundige Vereniging van Suid-Afrika.
3. Groep Geneeskundige Gesondheidsbeamptes (Staatsgeneeskunde) van die Geneeskundige Vereniging van Suid-Afrika.
4. Gesondheidsbeamptesvereniging van Suidelike Afrika (Voormalige president.)
5. Witwatersrandse en Pretoriase Komitee vir Raadpleging oor Openbare Gesondheid. Voormalige president.)
6. Raad van Eksaminateure van die Koninklike Vereniging vir die Bevordering van Gesondheid.
7. Nasionale Komitee van die Poliomielitisnavorsingstigting.
8. Tegniese Raadgewende Komitee van die Poliomielitisnavorsingstigting.
9. Lid van die Komitee wat die Minister van Gesondheid oor Virologie van raad dien.
10. Lid van verskillende Komitees van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, wat met die volgende handel:—
 - Water; minimum standaarde van huisvesting (behuising); verftowwe vir gebruik in voedselware; voorbereiding en spesifikasie van roomys; melk; roomys; room.
11. Nasionale Oorlogsgedenktekengesondheidstigting.
12. Ere-raadgewer insake openbare gesondheid vir die Unie-verdedigingsmag.
13. Voorsitter, Kommissie van Ondersoek na die tifoïde-epidemie, Durban.
14. Lid van Staatskommissie van Ondersoek na die Veeartsenykundige Dienste in Suid-Afrika, 1945.
15. Staatsvoedseluitdeling.
16. Lid van die Raad van die Nasionale Kindersorgvereniging en lid van die Tegniese Komitee vir Gesondheid, Verpleging en Moederkunde van die Nasionale Raad vir Kindersorg.
17. Lid van die Pretoriase Tandheelkundekliniekraad.
18. Onderpresident, Pretoriase Rotariërklub.
19. Buro van Onderwys buite Skoolverband.
20. Die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika. (Voorsitter).
21. Uitvoerende Komiteelid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (S.A.N.T.A.) en lid van die Tegniese Geneeskundige Komitee.
22. Lid van die Uitvoerende Komitee van die Pretoriase Vereniging teen Alkoholisme.
23. Ere-raadgewer in bakteriologie vir die Nasionale Instituut vir Waternavorsing van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.
24. Lewenslange erelid van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Beroeps gesondheid.
25. Lid van die Nasionale Komitee van Beheer oor die Wegdoening van radioaktiewe afval—Raad op Atoomkrag.
26. Ere-onderpresident van die Geestesgesondheidvereniging van Suid-Afrika.
27. Lewenslange erelid en onderpresident van die Instituut van Volksgesondheid.
28. Lewenslange Ere-assosiaatlid van die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Vereniging.

Wanneer ek in Februarie 1966 aftree, sal ek op 'n paar maande na, dertig jaar die Stadsgesondheidshoof van Pretoria gewees het. Toe ek die geskiedenis van die Stadsraad van Pretoria nagegaan het, het ek bevind dat daar slegs een Afdelingshoof was wat meer as dertig jaar in daardie hoedanigheid diens gedoen het en hy was mnr. T. C. Wooly Dod, wat van 1892 tot 1928 eers as ingenieur en bestuurder van die Pretoria Lighting Company van 1892 tot 1904 en daarna as Elektrotegniese Ingenieur gedien het.

Ek wil geen spesiale kommentaar oor die inhoud van hierdie jaar se jaarverslag lewer nie, behalwe om te meld dat, nadat ek dit weer deurgegaan het en oor die vervloë geskiedenis terugkyk,

dit my verheug om te verklaar dat gesondheidstoestande in die stad Pretoria goed is, dat die taak waarvoor ons verantwoordelik is en die pligte wat aan ons toegeken is, na die beste van ons vermoë uitgevoer is en dat ons redelik tevreden en gelukkig kan voel oor wat ons tot stand gebring het.

Ek wil weer eens die lede van my eie personeel, Afdelingshoofde en lede van ander Afdelings bedank vir die wonderlike gees van samewerking en welwillendheid wat ek deur die jare ondervind het.

Ek wil ook my waardering boekstaaf van die heelhartige samewerking wat ek te alle tye van die pers ontvang het. Hulle het publisiteit verleen aan alle belangrike gesondheidsmaatreëls in die Stad en het op geen geringe wyse gehelp om 'n goeie verstandhouding tussen die Afdeling en die publiek te bewerkstellig en het ook talryke gesondheisaangeleenthede onder die aandag van die publiek gebring.

Ek is ook baie dank verskuldig aan die Stadsraadslede van Pretoria vir die voortdurende belangstelling wat hulle altyd in die Gesondheidsafdeling en die ontwikkeling van gesondheidsdienste vir die stad getoon het. Ek kan sonder aarseling verklaar dat geen Raad deur die jare ooit 'n redelike versoek van die Afdeling geweier het nie. Ek het altyd die volste samewerking en vertroue van die Rade deur die jare geniet. Ek het dit altyd as 'n eer beskou om hierdie stad te dien in die hoedanigheid wat ek dit gedoen het en ek was baie gelukkig in my werk hier. Inderdaad, as ek die geleentheid gehad het om weer van voor af te begin, sou ek geen ander rigting wou inslaan nie.

Vir al hierdie dinge is ek uiterdankbaar.

Ek vertrou dat die Afdeling in die jare wat voorlê steeds sterker sal uitbrei en dat toekomstige geslagte dieselfde verbeterings sal sien.

H. NELSON

Stadsgesondheidshoof.

P. J. BOEKERMAN, Senor. K. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
D. W. DE VILLE, Dr. K. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
C. S. FREDERICK, Senor. K. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
D. P. J. LOMBAR, Dr. K. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
A. M. J. MOLYNEUX, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
B. H. DORRIS, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
P. J. F. JONES, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
P. J. G. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
S. T. MAGUILL, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
D. P. MAGUILL, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER

LABORATORIUMSKETTERING

Administratiewe Enslag: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
R. BLOEMEN, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Hoofdiers: G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tegnose-en-voorspellende Dienst: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Senior Klefie: J. A. CHANDLER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Hooftegnose-en-voorspellende Dienst: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tegnose-en-voorspellende Dienst: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
H. F. RICHARDSON, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
P. E. ROBERTSON, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER

Klefie: R. J. BOEKERMAN, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
S. P. JOSEPH, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tiket-O-dien: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tiket-O-dien: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tiket-O-dien: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tiket-O-dien: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tiket-O-dien: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Tiket-O-dien: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER

MINOR GESONDHEIDSINSKETTERING

Hooftegnose-en-voorspellende Dienst: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
L. VAN WYK, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Assistentie-en-voorspellende Dienst: Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER,
Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER, Dr. G. J. D. COOPER

PERSONEEL VAN DIE GESONDHEIDSASFDELING OP 31 DESEMBER 1964

GENEESKUNDIGE BEAMPTES

H. NELSON, M.A., M.D., Ch.B., B.A.O., D.P.H., D.T.M., F.R.S.H.....	Stadsgesondheidshoof.
R. E. W. DICKS, M.B., Ch.B., D.P.H.....	Adjunk-stadsgesondheidshoof.
J. L. van H. VAN RHYN, M.D., Ch.B., D.M.R.....	Radioloog (Deeltyds.)
A.T.B.H. BODENSTAB, M.D., Ch.B., D.P.H. D.T.M. & H.....	Superintendent, Hospitaal vir Aansteeklike Siektes, en Geneeskundige Beampte, Vene- riese Siektes.
A. A. E. DE KLERK, M.B., Ch.B.....	Geneeskundige Beampte, Kinder- en Moeder- sorg.
J. T. JANSE VAN RENSBURG, M.B., Ch.B., D.P.H.....	Geneeskundige Beampte, (Tuberkulosedienste)
E. H. WELSH, M.B., Ch.B., D.P.H.....	Geneeskundige Beampte.
E. F. COETZER, M.B., Ch.B., D.P.H.....	Geneeskundige Beampte.
J. E. DE VILLIERS, M.B., Ch.B.....	Geneeskundige Beampte.
N. J. V. VAN DRUTEN, M.B., Ch.B.....	Geneeskundige Beampte.
B. H. VAN COLLER, M.B., Ch.B.....	Geneeskundige Beampte.

VEEARTSE

W. H. WHEELER, B.V.Sc.....	Stadsveearts (Slagplaasbestuurder).
P. L. UYS, B.V.Sc.....	Veearts.
S. V. O'BRIEN, B.V.Sc. (Hon.), D.V.P.H.....	Assistent-Veearts.

SKEIKUNDIGES

N. P. LE M. NICOLLE, B.Sc., M.S.A., Chem. Inst. A.M. Inst. S.P.....	Hoofskeikundige en Bestuurder, Rioolwater- suiweringswerke.
H. M. MURRAY, B.Sc. (Toeg. & Ind. Skeik.) M.S.A. Chem. I.....	Asst.-hoofskeikundige & Asst.-bestuurder, Rioolwatersuiweringswerke.
H. P. OOSTHUIZEN, B.Sc.....	Skeikundige.
H. H. E. SCHRÖDER, B.Sc. (Hons.), U.E.D., A.M., S.A. Chem. I.....	Skeikundige.
E. A. GERKE, B.Sc.....	Skeikundige.

LABORATORIUMASSISTENTE

H. D. BOTHA.....	Laboratoriumassistent.
A. P. ERASMUS.....	Laboratoriumassistent.
A. J. LOUW.....	Laboratoriumassistent.
J. A. BEZUIDENHOUT.....	Laboratoriumassistent.
MEV. J. D. VENTER.....	Tikster/Klerk.

GESONDHEIDSINSPEKTEURSPERSONEEL

W. G. FUNSTON, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G., L.K.G.G.....	Hoofgesondheidsinspekteur.
J. S. R. MARAIS, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.....	Assistant-hoofgesondheidsinspekteur.
N. VORSTER, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.....	Assistant-hoofgesondheidsinspekteur.

TOESIGHOUDENDE GESONDHEIDSINSPEKTEURS

R. G. SIEBERT, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
J. L. PARKIN, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig.
F. J. H. STOCKWELL, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
M. J. C. RAUTENBACH, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
T. B. NOTHNAGEL, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Gevor. kennis, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
D. S. VAN COLLER, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G. (Slagplaas).
T. J. VAN DER HEEVER, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig. (Slagplaas).

SENIOR GESONDHEIDSINSPEKTEURS

P. R. VAN HEERDEN, Sert. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
J. T. GORDON, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L.K.G.G.
A. J. COETZEE, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig.
J. C. THERON, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L.K.G.G.
S. M. SCOTT, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
F. K. VERDOORN, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.

- L. G. HECHTER, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., San. Wetenskap, L. Inst. O.G., Fabr. Insp.
- C. J. SMITH, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig. L. Inst. O.G.
- M. T. LEUVENNINK, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, L. Inst. O.G., Trop. Hig.
- G. VAN LOGGERENBERG, Sertt. K.G.G., Vleis en ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
- D. H. BREEDT, Sertt. K.G.G., Vleis en ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G., N.T.S. II en III.
- E. A. K. HUGO, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G. (Slagplaas).
- S. J. GOUWS, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
- J. J. DE WET, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel.
- M. VAN N. WALDER, Sertt. K. G. G., Vleis en Ander Voedsel, Tropiese Higiëne.
- G. S. BRIDGENS, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., Fabr. insp., L. Inst. O.G.
- J. P. v.d. L. COETZEE, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.

GESONDHEIDSINSPEKTEURS

- J. C. MYBURGH, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst., O.G.
- M. M. LAUPP, Sertt. K.G.G., Trop. Hig., Vleis en Ander Voedsel, L. Inst. O.G.
- A. P. J. DIQUE, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G., L.K.G.G.
- J. J. BOTHMA, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
- J. G. MARNEWICK, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, L. Inst. O.G.
- G. O. VAN BILJON, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, L. Inst. O.G., Trop. Hig.
- V. LOGAN, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig. L. Inst. O.G.
- H. A. VISAGIE, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., L. Inst. O.G.
- F. J. BEKKER, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, L. Inst. O.G.
- N. J. FOURIE, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig.
- F. J. BROEKMAN, Sertt. K.G.G., Tropiese Higiëne, Vleis en ander Voedsel.
- D. W. DE VILLIERS, Sertt. K.G.G., Vleis en ander Voedsel, Trop. Hig.
- C. S. IMMELMAN, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel.
- D. P. J. LOMBARD, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel.
- A. D. HODGKINSON, Sert. K.G.G.
- J. H. VON WELL, Sertt. K.G.G.
- B. H. DORMEHL, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, San. Wetenskap.
- B. J. REUTER, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, L. Inst. O.G.
- P. J. AUCAMP, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel.

NIEBLANKE GESONDHEIDSINSPEKTEURS

- S. T. MAPUTLA, Sertt. K.G.G., Trop. Hig.
- D. P. MADELA, Sert. K.G.G.

KLERKLIKE PERSONEEL

Administratiewe Beamppe.

R. BLOEMINK, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel, Trop. Hig., Gevor. Kennis.

Hoofklerk.

G. W. CLUBB, Sertt. K.G.G., Vleis en Ander Voedsel.

Senior Klerke.

J. A. CHANDLER
MEV. G. M. BASSON.

Tegniese Assistente.

H. P. J. LE ROUX.
P. S. PRETORIUS.

Klerke.

R. I. BOTHA.
S. P. JORDAAN.

Tiksters.

MEV. D. R. DIEMEER: MEV. G. H. PRETORIUS: MEV. B. J. BRINK: MEV. C. M. LOUBSER.

Vroulike Klerke.

MEV. E. H. E. OPPERMANN; MEV. M. S. VAN DER MERWE; MEJ. B. VAN BREDAA.

BEHUIISING VIR BLANKES

Hoofbehuisingsbestuurder.

L. VAN WYNGAARD, B.A., Agr. Dipl.

Assistent-hoofbehuisingsbestuurder.

A. J. B. MEIRING, B.A.

Administratiewe Beampte.

J. W. BURGER, Inst. Admin. & Handel (Mun.)

Klerk.

J. L. GROBBELAAR.

Behuisingtoesighoudsters.

MEV. M. D. KEVAN, B.A.
 MEV. L. ROUX, B.A. (Hons.).
 MEV. I. B. McCULLOCH, B.A. (S.W.).
 MEV. E. M. BEUKES, B.A.
 MEJ. E. A. VISAGIE, B.A. (Dip. S.W.).
 MEJ. E. E. NEL, B.A. (S. W.).
 MEJ. J. S. HARMSE, B.A. (S.W.).

Tiksters..

MEV. E. M. ROUX.
 MEJ. M. M. DICKS.

Vroulike Klerke.

MEJ. M. M. MALAN.
 MEJ. M. LE ROUX.
 MEV. S. P. NEL.

Opsigter/Fumigeerders:

Senior: S. F. HOLDER.
 C. F. C. DIEDERICKS.
-------------	-----	-----	----

Drie-en-veertig waarskuwings is uitgereik en twee vervolgings is ingestel in verband met die monsters wat nie aan die vereiste standaarde voldoen het nie.

MUNISIPALE WATERLEWERING:

	Bevredigend	Onbevredigend	Totaal
1. Rietvleiwaterwerke:			
(Na filtrering, maar voor chlorering).....	2	1	3
2. Witkoppiesbrug:			
Hierdie spruit vloeい in die Rietvleidam en word sorgvuldig dopgehou.....	—	10	10
3. Fonteine:			
(a) Boonste fontein (voor chlorering).....	8	2	10
(b) Onderste fontein (voor chlorering).....	6	4	10
(c) Gemengde water (na chlorering, sluit in water van Fonteine, Rietvlei en Grootfontein).....	9	1	10
4. Krane in stad:			
In verskillende dele van die stad.....	23	—	23
5. Ander munisipale leweringsplekke:			
(a) Mamelodi-opbergtenks.....	30	—	30
(b) Munisipale swembaddens.....	44	1	45
(c) Munisipale plasdammetjies.....	15	—	15
(d) Rooiwal.....	29	1	30
(e) Munisipale klipgroef (Bon Accord).....	14	16	30

'n Pyleiding is na die Bon Accord-klipgroefgebied aangelê en onlangse resultate was bevredigend.

	Bevredigend	Onbevredigend	Totaal
6. Pas-ingelyfde gebiede:			
(a) Valhalla (boorgate).....	12	—	12
(b) Erasmia (fonteine).....	6	—	6
(c) Murrayfield (opgaartenk).....	2	—	2
7. Randse Waterraad:			
Uit hooftoevoerpyplyn.....	11	—	11
8. Op private persele:			
Boorgate.....	12	7	20
Fonteine.....	—	6	6

Stappe is gedoen om eienaars van verdagte boorgate, putte of fonteine te gelas om by die munisipale watervoorraad aan te sluit, tensy die water toereikend gechloreer is.

9. Rioolwateruitvloeisel na krgsentraledam en gholfbaan gepomp:	1	9	10
(a) Na filtrering en chlorering by rioolwaterwerke.....	1	9	10
(b) Na filtrering en chlorering by krgsentraledam.....	—	10	10

Hierdie water is rioolwateruitvloeisel wat gefiltreer en gechloreer en na die krgsentrale gepomp word vir verkoelingsdoeleindes en na die Pretoria-Wes-gholfbaan vir besproeiing. Dit word nie vir swem- of huishoudelike doeles indes gebruik nie.

SKEIKUNDIG

(a) Munisipale swembaddens.....	46	—	46
(b) Munisipale plasdammetjies.....	14	—	14

MUNISIPALE MARK:

Daaglikse inspeksies van al die produkte op die vroeë-oggendmark is uitgevoer en die volgende hoeveelhede eetware is gedurende die jaar afgekeur en vernietig.

Vrugte en groente:

Kaste groot.....	3,894
Bondels groot.....	54
Kratte.....	1,714
Kartondose.....	146
Sakkies.....	13,586
Kardoesies.....	213

Plastiese sakke.....	209
Hope.....	2
Suikersakkies.....	2,462
Platkissies.....	370
Graansakke.....	14

Wildsbokke:

Getal ondersoek.....	950
Getal afgekeur.....	10
Persentasie afgekeur.....	1,05

Geslagte pluimvee:

Getal ondersoek.....	9,401
Getal afgekeur.....	geen

Eende:

Getal ondersoek.....	1
Getal afgekeur.....	geen

Kalkoene:

Getal ondersoek.....	6
Getal afgekeur.....	geen

Tarentale (wild):

Getal ondersoek.....	369
Getal afgekeur.....	3
Persentasie afgekeur.....	.8

Duiwe:

Getal ondersoek.....	26
Getal afgekeur.....	geen

Ondergemelde tabel toon die aantal inspeksies wat deur die inspekteurs van die Voedselseksie uitgevoer is.

Oortredings waarmee gehandel is.....	3,149
Oortredings verminder.....	3,142
Kennisgewings bestel.....	136
Aanseggings gegee.....	3,013
Herinspeksies.....	447
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee.....	197
Lisensieaansoeke waarmee gehandel is.....	155
Inspeksie van slaghuise.....	338
Inspeksie van vishandelaarsake.....	138
Inspeksie van bakkerye.....	285
Inspeksie van banketbakkerye.....	67
Inspeksie van restaurante en teekamers.....	2,337
Inspeksie van Bantoe-eethuise.....	271
Inspeksie van vrugte- en groentewinkels.....	3,062
Inspeksie van melkwinkels en melkdepots.....	22
Inspeksie van ander voedselwinkels.....	1,546
Inspeksie van koeldrankfabrieke.....	153
Inspeksie van voedselfabrieke.....	690
Inspeksie van oggendmark.....	259
Diverse inspeksies.....	343
Naginspeksies.....	145
Middaggetensuur-inspeksies.....	274
Vroeëoggendinspeksies.....	54
Monsters geneem.....	986
Hotelle en losieshuise.....	896
	<hr/>
	12,665

NIEBLANKEGEBIEDE:

Personeel:

Die personeel van hierdie seksie bestaan uit:

- 1 Toesighoudende Gesondheidsinspekteur.
- 2 Gesondheidsinspekteurs.
- 2 Nieblankegesondheidsinspekteurs.

(Daar is vier vakature vir Nieblankegesondheidsinspekteurs.)

Dit is hoogs onwaarskynlik dat daar enige gekwalificeerde Bantoe gesondheidsinspekteurs is wat vir aanstelling beskikbaar is en wat in die Pretoriagebied woon.

Na herhaalde vertoë het die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ingewillig om twee Bantoe gesondheidsinspekteurs uit ander gebiede aan te stel.

Dit sal in die nabye toekoms nodig wees om 'n Indiërgesondheidsinspekteur aan te stel om in die snel-ontwikkelende Indiërdorp Laudium te werk. Bowendien sal hy uitgebreide gesondheidswerk in die Asiatebuurt doen.

Een van die twee Bantoe gesondheidsinspekteurs werk in Mamelodi en die ander een in die Atteridgeville/Saulsville-Bantoe-dorp. Hulle word gehuisves in die Administrasiegeboue van die Hoofsuperintendent. Die twee Blanke gesondheidsinspekteurs is belas met die oostelike en

westelike Bantoedorpe onderskeidelik. Al hierdie beampies is onder die regstreekse beheer van die Toesighoudende Gesondheidsinspekteur, wat algemene toesig hou oor die werk in die Nieblanke-dorpe binne die munisipale gebied.

BANTOEDORPE:

1. Lady Selborne en Claremont (Erwe 1—36):

Hierdie aangrensende dorpe is tot Blankegebied verklaar en die inwoners word na ander nuut-gestigte Bantoedorpe oorgeplaas. In navolging van sy beleid om die gebied skoon te maak van alle slums het die Raad 742 persele gekoop en daarvan is 618 gesloop.

Die ander persele sal binnekort deur die Raad aangekoop en gesloop word. Die hervestiging van die inwoners is belemmer weens die tekort aan huise in die nuwer Bantoedorpe waar groot-skaalse boubedrywigheid aan die gang is en daar word verwag dat die inwoners van Lady Selborne en Claremont binne twee jaar hervestig sal wees.

Gereeld inspeksies van al die besigheidsperselle is gedurende die jaar uitgevoer en waar nodig is stappe gedoen waar daar oorlaste was.

2. Atteridgeville/Saulsville:

Geen nuwe huise is gedurende die jaar opgerig nie en daar is nog 238 vakante bouterreine in hierdie gebied. Die bedoeling is om hierdie erwe uitsluitlik vir die natuurlike aanwas van die inwoners te hou. Baie huiseienaars het hul huise vergroot en herontwerp.

Alle paaie met uitsondering van 'n paar sypaaie is geteer en die hele gebied is gerioleer. Reën-waterriole is voorsien en die Raad reël 'n vuilgoedverwyderingsdiens tweemaal per week.

Die lewenstandaard en sin vir netheid van die inwoners is skynbaar hoër as dié wat in die ander Bantoedorpe aangetref word. As gevolg van uitstekende samewerking was dit nie nodig om enigeen van die gelisensieerde bewoners weens oortreding van die gesondheidswetgewing te vervolg nie.

Die bioskoopsaal is voltooi maar nog nie toegeken nie.

'n Nuwe crèche word opgerig en sal gedurende 1965 voltooi word...

Getal huise 1963.....	9,801
Getal huise 1964.....	9,801
Vermeerdering in huise gedurende 1964.....	geen.

3. Laudium:

Hierdie Indiërdorp geleë aan die suidwestelike omtrek van Pretoria ontwikkel vinnig en die 430 huise wat deur die Stadsraad opgerig is, is almal beset. Bowendien is daar 36 huise van 'n hoog standaard privaat gebou. Al die strate is geteer en straatligte word verskaf. Die hele gebied is gerioleer. 'n Nuwe poskantoor is langs die moderne besigheidssentrum opgerig en word gebruik. Die twee klerefabrieke is in volle produksie en gedurende die jaar is daar by die een fabriek uitbreidings gemaak.

Getal huise 1963.....	333
Getal huise 1964.....	466
Toename in huise.....	133

4. Asiatebuurt en Kleurlinglokasie:

Hierdie ou Nieblankedorpe wat onderskeidelik deur Indiërs en Kleurlinge bewoon word, bly erg oorbewoon en huise en kamers is baie gebrekkig, oorbewoon en sonder doeltreffende sanitêre en wasgeriewe.

Huise word te Laudium en Eersterust gebou om die inwoners van hierdie dorpe te hervestig en daar word verwag dat hierdie onbevredigende toestande in die nabye toekoms uitgeskakel sal word.

5. Eersterust:

Dit is 'n dorp net vir Kleurlinge en is naby die Bantoedorp Mamelodi geleë. Slegs een nuwe huis is opgerig maar 50 nuwe huise was teen die einde van die jaar in aanbou. Daar bestaan nog eenhonderd drie-en-vyftig van die ou huise, maar hulle is almal van 'n lae standaard. Hierdie huise asook die ou onbevredigende besigheidsperselle sal gesloop word sodra ander persele beskikbaar is. Opgerig deur Stadsraad:

Getal huise 1963.....	199
Getal huise 1964.....	200
Toename in huise gedurende 1964.....	1

Hierdie huise is bo en behalwe die 153 ou bestaande huise.

6. Mamelodi:

Teen die einde van die jaar was dit duidelik dat daar snelle vooruitgang gemaak is met die bou van 'n groot aantal bykomende huise. Wanneer hulle voltooi is, sal dit baie help om 'n groot aantal persone uit slumwoning in Lady Selborne en Eastwood te verwyder. Hierdie twee gebiede word, ter uitvoering van die Raad se beleid om die slums te verwyder opgeruim aangesien hulle ingevolge die Groepsgebiedewet tot Blankegebiede geproklameer is. Voor 1 Julie 1964 was Mamelodi buite die munisipale grense van Pretoria geleë. Inderdaad het dit toe onder die reggebied van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede geressorteer. Mamelodi het vanaf 1 Julie 1964 binne die Pretoriase munisipale gebied gekom met die totstandkoming van Grooter Pretoria. Voor hierdie

datum is die sanitêre en vuilgoedverwyderingsdienste onder kontrak met die Stadsraad van Pretoria deur die Municipaliteit van Silverton uitgevoer. Na inlywing het die Raad se Afdeling Nie-blankesake egter vir hierdie dienste verantwoordelikheid aanvaar. Dit het 'n onmiddellike verbetering in die dienste oor die algemeen teweeggebring.

Planne is reeds opgestel vir die riolering van die hele gebied en daar word verwag dat daar binnekort met die lê van die riooltype begin sal word. Daar is reeds 'n aanvang gemaak met die bou van die riolwaterwerke vir hierdie skema.

Daar is 'n aantal goed verspreide winkelsentrus in die gebied. Hierdie sentrus voldoen aan al die behoeftes van die inwoners en die winkels word goed onderhou. Hulle word gereeld geïnspekteer en dit is selde nodig om drastiese stappe te doen om te verseker dat die openbare gesondheidsvereistes behoorlik gehandhaaf word.

Getal huise 1963.....	9,275
Getal huise 1964.....	9,839
Toename in huise.....	564

7. Eastwood:

Hierdie gebied is met die totstandkoming van Groter Pretoria op 1 Julie 1964 ingelyf. Daar is 'n groot aantal heeltemal defektiewe slumpondokke in hierdie gebied, wat feitlik heeltemal deur Bantoes bewoon word. Daar is geen sanitêre of vuilgoedverwyderingsdienste nie. Daar is geen aangelegde watervoorraad nie en die beskikbare water word deur die inwoners van venters gekoop, wat die water in klein hoeveelhede teen hoë prys verkoop. Hierdie water word getrek uit boorgate wat in die gebied geleë is. Die hele gebied is heeltemal onhygiënies. Hoe gouer die inwoners elders gehuisves word en die terrein van alle slums, vuilgoed en ongewenste elemente skoongemaak word, hoe beter. Die gebied is dig bewoon hoewel ons geen werklike bevolkingsyfers het nie.

8. Highlands en Newlands:

Hierdie gebiede is met die totstandkoming van Groter Pretoria op 1 Julie 1964 ingelyf. Die gebiede word hoofsaaklik deur Kleurlinge bewoon, hoewel daar 'n paar Bantoes en Indiërs is. Daar is 'n paar geboue wat in 'n redelike goeie toestand is, maar die origes is heeltemal ongeskik vir menslike bewoning. Die Raad het reeds 'n groot deel van die eiendomme in hierdie gebied aangekoop en het die slumgeboue gesloop sodra hulle ontruim is. Die Raad gaan voort om eiendomme in hierdie gebied op te koop met die oog op die herontwikkeling daarvan. Sanitêre toestande was en is nog uitsers sleg. Daar is geen sanitêre of vuilgoedverwyderingsdiens in hierdie gebied nie. Daar is geen aangelegde watervoorraad nie en water word net van venters teen 'n hoë prys verkry. Hierdie water word verkry uit boorgate wat in die gebied geleë is. Die algemene sanitêre toestande is so sleg dat hoe gouer die inwoners elders gehuisves word en die terrein van al die gebrekkige geboue, vuilgoed en ander onhygiëniese elemente skoongemaak word, hoe beter. Daar moet egter beklemtoon word dat sedert hierdie gebied ingevolge die Wet op Groepsgebiede tot 'n Blankegebied geproklameer is, die Raad die onhygiëniese toestande wat daar geheers het, aansienlik verminder het.

STATISTIESE OPGawe VIR ALLE NIEBLANKEGEBIEDE:

A. Opsomming van inspeksies in die Nieblankegebiede gedurende die jaar:—

	Totaal
Oorlaste waarmee gehandel is.....	6,270
Kennisgewings waaraan voldoen is.....	581
Aanseggings waaraan voldoen is.....	5,440
Kennisgewings bestel.....	830
Aanseggings gegee.....	5,440
Herinspeksies—kennisgewings.....	1,730
Herinspeksies—aanseggings.....	1,870
Klagtes ondersoek.....	33
Lisensie-aansoek.....	758
Persele waar diere/pluimvee aangehou word.....	180
Slaghuisse.....	1,978
Vis- en pluimveehandelaars.....	61
Bakkerye en banketbakkerye.....	20
Algemene handelaars (eetware).....	2,063
Algemene handelaars (nie eetware nie).....	911
Restaurante, teekamers en eethuise.....	1,662
Varsproduktehandelaars.....	536
Melkdepots en melkwinkels.....	152
Marskramerpakkamers.....	429
Varsprodukte- en roomyskarretjies.....	206
Afleweringsvoertuie (vleis, melk, vis, brood).....	737
Bioskope en openbare sake.....	61
Huisinspeksies.....	1,215
Haarkappers.....	295
Washuisse en wasserye.....	32
Fabrieke en werkwinkels.....	87
Seremoniële slagtings.....	1
Bewoonde buitegeboue.....	49

Besoeker buite ure.....	130
Ander besoeker.....	991
Bouerslatrins.....	82
Aangeleenthede wat na ander Afdelings verwys is:—	
Verstopte riole/Gebreklike wateraansluitings.....	35
Ongemagtigde geboue.....	227
Boudefekte aan geboue.....	92
Ander aangeleenthede.....	404
Totaal.....	<u>17,027</u>

Opmerking.—Hierdie syfers is nie by verslae in verband met Blankegebiede ingesluit nie.

B. PLAAGBEHEER:

Die onderstaande is 'n opsomming van inspeksies in verband met plaagbeheerwerk in die Nieblankegebiede.

Knaagdiere:

1. Klagtes ondersoek.....	24
2. Persele geïnspekteer en advies gegee.....	804
3. Kennisgewings en aanseggings om lokvalle of gif te gebruik..	516
4. Kennisgewings bestel waarin vereis word dat persele knaagdiergeveilig gemaak word.....	36
5. Kennisgewings bestel ingevolge 3 en 4 hierbo waaraan voldoen is.....	60
6. Bestaande geboue knaagdiergeveilig gemaak.....	48
7. Nuwe knaagdiervry geboue voltooi.....	204
8. Ophoping van rommel of hout wat knaagdiere kan huisves, skoongemaak of verwyder.....	276
9. Getal knaagdiere gedood of as dood gerapporteer.....	1,620

Muskiete:

1. Klagtes ondersoek.....	11
2. Inspeksies uitgevoer.....	12
3. Kennisgewings bestel en aanseggings gegee.....	3
4. Broeiplekke uitgeroei.....	3
5. Advies aangaande muskietbeheer gegee.....	12
6. Soorte muskiete gevind.....	Culex

Vlieë:

1. Klagtes ondersoek.....	4
2. Inspeksies uitgevoer.....	300
3. Aanseggings gegee.....	156
4. Kennisgewings bestel waaraan voldoen is.....	4
5. Broeiplekke uitgeskakel.....	120
6. Advies aangaande vlieëbeheer gegee.....	180

ALGEMENE INLIGTING NET INSAKE NUWE DORPE

		Mamelodi	Eersterust	Atteridge-ville/Saulsville	Laudium
Bevolking	1.				
	2. Hostel.				
Wonings, huise.				(Sien hoofstuk oor bevolkingsstatistiek).	
(a) Bewoon.....		9,839	353	9,801	466
(b) Vakant.....		—	—	—	—
(c) In aanbou.....		571	50	—	70
Kerke.....		31	1	26	—
Skole.....		19	1	20	1
Biersale.....		4	—	3	—
Biersaaldepots/drankwinkels.....		2	—	4	—
Drankwinkels (drank).....		3	—	1	—
Gemeenskapsentrum, sale.....		1	1	1	1
Garages.....		1	1	1	—
Crèches.....		3	—	3 en 1 in aanbou	
Hostels.....		1	—	1	—
Administratiewe blokke.....		2	1	1	1
Oueteuhuise.....		1	—	1	—
Bioskope.....		1	—	1	—
Fabrieke.....		—	—	1	2
Poskantore.....		2	1	1	1
Polisiestasies.....		1	—	1	—

Vervolgings.

Aard van oortreding	Totale getal vervolgings	Getal skuldig	Getal onskuldig bevind	Getal teruggetrek	Getal Gewaarsku en ontslaan	Boetes opgele
Brood nie toegedraai wanneer afgelever.....	12	10	—	2	—	R22.0
Versuim om te voldoen aan kennisgewings bestel.....	8	7	—	1	4	R17.0
Versuim om inligting op versoek te verstrek.....	2	2	—	—	2	—
Geen naam op eetwareafleweringsvoertuig.....	1	1	—	—	—	R4.00

C. BOUPLANNE

Driehonderd een-en-sestig planne vir verbouings, aanbouings en nuwe geboue in die Nie-blankegebiede is gedurende die jaar ondersoek.

D. GELISENSIEERDE PERSELE:

	Mame-lodi	Asiate baaiet	Eerste- rust	Lady Selborne	Clare- mont	Atteridge- ville/ Sandville	Laudium
Biljartsalonne.....	—	2	—	—	—	—	—
Slagters.....	10	1	3	15	4	8	1
Steenkoolagentskappe.....	5	—	—	—	—	6	—
Skoenmakers.....	—	—	—	5	3	2	—
Fietshandelaars.....	3	16	1	3	2	3	—
Varsproduktehandelaars.....	4	—	4	7	8	4	—
Algemene handelaars (lewensmiddele uitgesluit).....	15	52	—	—	1	1	—
Haarkappers.....	6	10	—	3	1	2	—
Marskramers en venters.....	5	121	2	29	8	5	8
Droogsloonmakers en wasserye.....	—	7	—	—	—	1	3
Melkdepots.....	8	2	—	2	—	5	1
Koeldrankhandelaars.....	—	10	—	—	—	5	—
Bantoe-ethuise.....	—	2	3	23	—	1	—
Lewensmiddele-handelaars.....	15	6	5	4	10	21	1
Teaters.....	1	3	—	—	—	—	—
Kleremakers (sters).....	2	5	—	—	—	3	—
Begrafnisondernemers.....	2	—	—	1	—	1	—
Werkwinkels—motoronderdele.....	3	6	1	—	1	1	—
Restaurante en teekamers.....	14	38	5	2	10	11	1
Kruiedokters.....	3	1	—	—	—	—	—
Handelaars in tweedehandse goedere.....	—	1	—	—	—	—	—
Roomysdepots.....	—	—	—	—	—	1	—

PLAAGBEHEERSEKSIE.**MUSKIETBEHEERMAATREËLS:**

Die muskietbeheermaatreëls wat gedurende die jaar gehandhaaf is, is die roetine-verwydering van plantegroei aan die kante van spruite, vore en besproeiingsdamme, die dreinering van moerasgebiede en die oopskraap van spruite en besproeiingsvore waar nodig. Die verwydering van plantegroei uit spruite en vore is nie in die pas-ingelyfde gebiede gedoen nie, omdat die beskikbare arbeidsmag nie voldoende was nie.

Bespuiting met antilarwespuitstof is van Januarie tot die einde van April uitgevoer en weer vanaf die begin van September, toe al die pas-ingelyfde gebiede ook bespuit is. Vierhonderd-en-vyftig gellinge gekonsentreerde insekgif is gebruik. Daar is bevind dat muskietuitbroeiing in hoë mate in die pas-ingelyfde gebiede voorgekom het. Intensiewe antilarwespuitmaatreëls het egter die uitbroeiing onder beheer gehou. Vierhonderd-agt-en-twintig uitgravings wat werklike of potensiële broeiplekke was, is opgevul en gelykgemaak en 167 moerasgebiede is gedreineer.

Die groenteboere, National Match factory, Les Marais-besproeiingsraad en die Universiteitsproefplaas het hul heelhartige samewerking gebied en daar was geen teensinnigheid van hul kant om die vereiste bedrag vir gelewerde dienste te betaal nie. Muskietbeheermaatreëls is op doeltreffende wyse op al hierdie persele uitgevoer.

Klagtes (241) oor die voorkoms van muskiete was ietwat meer as verlede jaar (107). Dit kon hoofsaaklik aan die groter gebied wat nou beheer word, toegeskryf word. In geen geval was dit nodig om geregtelike stappe teen persone in te stel weens versuim om mondelinge of skriftelike waarskuwings na te kom nie, aangesien ons in hierdie opsig heelhartige samewerking geniet het.

Eenduisend ses-en-sewentig inspeksies van spruite, damme en besproeiingsvore is uitgevoer en gedurende die jaar is daar gedurige aandag aan die antilarwespuiting bestee.

Knaagdierbeheer.

Roetine-knaagdierbeheermaatreëls is in alle munisipale geboue, rommelhope, parke, kwekerye, werkwinkels, dorpsveld, die rioolwaterwerke (sentraal so wel as by Rooiwal), Rietvleiwaterwerke, Bantoegebiede en diverse ander persele gehandhaaf. Eenduisend driehonderd sewe-en-sewentig inspeksies is gedurende die jaar op munisipale persele uitgevoer. Daar was tienduisend driehonderd agt-en-tagtig gifaasplasings en 5,555 is geneem. Dit is bekend dat 1,030 knaagdiere op munisipale persele vernietig is. Dit is waarskynlik dat baie meer vernietig is, maar dat hul karkasse om verskeie redes nie gevind is nie.

Seshonderd een-en-tagtig klagtes is gedurende die jaar ontvang en dis effens hoër as die aantal vir die vorige jaar. Dit kan toegeskryf word aan die groter gebied wat nou beheer word. Al die klagtes is ondersoek en 964 mondelinge of skriftelike kennisgewings wat knaagdierbeheermaatreëls

vereis het, is uitgereik. In geen geval was dit nodig om geregtelike stappe te doen weens versuim om knaagdierbeheermaatreëls uit te voer wanneer die Afdeling dit versoek het.

Eenhonderd-en-drie aanseggings is gegee om geboue knaagdierwerend te maak. In al die gevalle is daar voldoen aan die aanseggings. Eenduisend nege-en-sestig ophopings van vuilgoed en hout, wat werklike of moontlike broeiplekke was, is bevredigend verwyder.

Vier-en-vyftig aansoeke om „Knaagdiervry”-sertifikate ten opsigte van persele wat gesloop moes word, is ontvang en na ondersoek van die persele, is die vereiste sertifikate uitgereik.

Vlieë-uitbroeiing:

Alle munisipale parke, kwekerye, rioolwaterwerke en komposgate is gereeld geïnspekteer en bevredigende beheermaatreëls is gehandhaaf. Eenhonderd-en-sewentig klagtes is ondersoek en 874 inspeksies is uitgevoer om broeiplekke op te spoor. Tweehonderd drie-en-sewentig broeiplekke is uit die weg geruim. Nege-en-vyftig kennisgewings is bestel en slesg in een geval was dit nodig om geregtelike stappe te doen teen 'n persoon wat versuim het om vlieë-uitbroeiing op sy perseel uit te skakel nadat hy behoorlik gewaarsku is om dit te doen.

Kakkerlakbeheer.

Kakkerlakbeheermaatreëls is uitgevoer op alle munisipale persele waar dit nodig bevind is. Altesame sewe persele is bespuit en hulle was vir baie maande vry van die besmetting. Alle klagtes oor private persele is ondersoek en die nodige advies is gegee.

Bilharzia.

Opnames is gemaak van al die spruite, besproeiingsvore en voëlreservate binne die munisipale gebied. Slakke is versamel en vir ondersoek en identifikasie aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geneeskundige Navorsing voorgelê. Geen enkele slakke wat voorgelê is, was met die bilharzia-parasiet besmet nie. Slakdraers is in die Morelettaspruit aangetref, maar na ondersoek, is daar gevind dat hulle vry was van die bilharzia-parasiet.

Weeluse.

Alle munisipale kampongs, Bantochostels en Nieblankecrèches is gereeld geïnspekteer en agt persele is gedurende die jaar behandeld.

Algemeen.

Klagtes is ontvang ten opsigte van miere, silvermotte, tapytkewers, papiermyte, vlooie, skerpioene, krieke, perdebye, vlermuise, ens. op private persele. Al die klagtes is ondersoek en die nodige advies aangaande uitroelingsmetodes is gegee.

OPSUMMING VAN INSPEKSIES GEDURENDE DIE JAAR:

MUSKIETBEHEER:

Oortredings waarmee gehandel is.....	26
Oortredings verwyder.....	14
Kennisgewings bestel.....	—
Aanseggings gegee.....	14
Persele weer geïnspekteer.....	13
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee.....	96
Nagaan van damme waar onkruid verwyder is.....	1,076
Nagaan van damme wat bespuit is.....	526
Nagaan van besproeiingsvore wat skoongemaak is.....	919
Nagaan van besproeiingsvore wat bespuit is.....	507
Nagaan van dreining van moerasgebiede.....	167
Nagaan van bespuiting van moerasgebiede.....	126
Gate en holtes opgevul.....	428
Huise bespuit vir muskietoorlas.....	1
Spesiale ondersoek uitgevoer om muskiete te identifiseer.....	—
Inspeksies uitgevoer in verband met aanmelding van malaria...	—
Diverse inspeksies.....	484
Bespuiting teen insekte.....	62
Totale inspeksies vir die jaar.....	<u>4,459</u>

KNAAGDIERUITROEIING:

Oortredings waarmee gehandel is.....	19
Oortredings verwyder.....	13
Aanseggings gegee.....	16
Persele weer geïnspekteer.....	—
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee.....	197
Nuwe knaagdiervrye vloere in meel-, voer- en ander pakkamers aangebring.....	—
Vloere herstel of mure of dakke knaagdierwerend gemaak in meel-, graan- of voerpakkamers.....	—
Gaan-, voer- of ander pakhuise wat nie knaagdiervry is nie ge- sloop.....	—

Ophopings van vuilgoed of rommel wat moontlik rotte kan huis- ves, skoongemaak en verwyder.....	830
Diverse inspeksies.....	1,185
Munisipale inspeksies.....	1,377
Knaagdiervry-inspeksies.....	54
 Totale inspeksies vir die jaar.....	 <u>3,691</u>
Gifaas op dorpsveld gestel.....	10,380
Getal aaslokvalle geneem.....	5,555
Rotgate op dorpsveld, ens. met gas behandel.....	—
Persele in stad met gas behandel.....	—
Getal knaagdiere op munisipale persele vernietig.....	1,030

SLUMOPRUIMING.

Weens die voortdurende uitbreiding van die stad se nywerheids- en besigheidsgebiede, is verskeie erge en geringe slums gesloop om plek te maak vir nuwe moderne geboue.

Gedurende die verslagjaar is daar 64 erge slumwonings in die Blankegebiede gesloop. Die meeste hiervan is deur arm gesinne bewoon en dit is jammer dat ons nog steeds nie in 'n posisie is om aan al die ontwortelde gesinne in die laer-inkomstegroepe gesikte behuising te bied nie, veral dié met groot gesinne.

Die aantal bekende erge slumwonings aan die einde van die jaar het 97 beloop, waarvan 24 onbewoon was.

Gedurende die jaar is 59 eiendomme die Raad aangebied om grond beskikbaar te stel vir voorgestelde pad- en ander skemas wat die Raad wil ontkoppel. Hierdie eiendomme is almal deur die Slumseksie geïnspekteer en verslae oor hul strukturele toestand is aan die Klerk van die Raad voorgelê. Sommige van hierdie eiendomme het op een of ander stadium die aandag van hierdie Afdeling geniet ingevolge die bepalings van die Slumswet en die Slumsregulasies. Al die erge slumeiendomme wat aldus verkry word, word gesloop sodra die geboue ontruim word.

Hoewel daar 'n sekere afname in die aantal erge slumeiendomme was, bly daar nog 'n aantal geringe slumwonings oor, veral in die sentrale en Herculesgebied.

Hierdie geringe slumtoestande is die gevolg van oorbewoning, ontoereikende kook-, was- en skoonmaakgeriewe en onbehoorlike skeiding van geslakte en kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die huidige tekort aan huisvesting vir die middel- en laer-inkomstegroepe.

Dit is uiters moeilik om mense te help wat onder voorgenooemde onbevredigende toestande woon en hoewel die bepalings van die Slumsregulasies baie maklik op sulke eiendomme van toepassing gemaak kan word, sou dit net aanleiding gee tot dergelike of ergere toestande elders deur dieselfde gesinne, tensy hulle behoorlik hervestig word.

Die bewoning van buitegeboue en ander ongewenste huisvesting in private agterplase is skynbaar aan die toename en hierdie beleid veroorsaak nog steeds kommer. Die redes vir hierdie beleid is skynbaar die voortdurende instroming van mense van aangrensende gebiede, immigrante van oorsee en die gedurige uitbreiding van die stad se nywerheids- en besigheidsgebiede. Die syfers wat die aantal buitegeboue en ander aldus bewoonde ongewenste huisvesting aandui, toon 'n besliste verhoging oor dié van vorige jare. Aan die begin van die jaar was daar 18 bekende besette buitegeboue. Gedurende die jaar is 35 ontruim en teen die end van die jaar het die aantal bekende besette buitegeboue tot 53 vermeerder.

'n Groot aantal kennisgewings is bestel aan eienaars en bewoners weens oortreding van die Slumswet en die munisipale Slumsregulasies. Aan die meeste van die kennisgewings is daar onmiddellik voldoen en drastiese optrede is slegs in uitsonderlike gevalle toegepas. 'n Aantal van die bestaande erge slumswonings word deur eienaars bewoon en baie min van hulle is in 'n geldelike posisie om hul eiendomme te verbeter of om nuwe huise te bou.

Verspreiding van erge slumeiendomme en geokkupeerde buitegeboue in Blankegebiede.

Die onderstaande tabelle dui die bekende erge slumwonings en onbevredigende buitegeboue aan die einde van die onderhavige jaar aan (syfers vir die vorige jaar word tussen hakies aangetoon).

Gebiede	Bekende be- staande erge slumwonings op	Bekende ge- okkupeerde buitegeboue	Toename of afname in verge- lyking met vorige jaar.	
	31.12.64	31.12.64	Slumwonings	Buitegeboue
Innesdalegebied.....	10 (16)	8 (7)	—6	+1
Westelike gebiede (wes van Steen- hoven spruit).....	6 (5)	8 (2)	+1	+6
Oostelike gebiede (oos van Apies- rivier).....	9 (5)	3 (—)	+4	+3
Sentrale gebiede.....	20 (25)	3 (2)	—5	+1
Herculesgebied.....	20 (19)	22 (7)	+1	+15
Onlangs ingelyfde gebiede.				
Silverton.....	1			
Pretoria-Noord.....	7	8		
East Lynne.....	—	1		
 TOTAAL.....	73 (70)	53 (18)		

Daar moet egter te boek gestel word dat die aantal erg slumwonings en bewoonde buitegeboue in die onlangs ingelyfde gebiede na beraming die totale in bogenoemde tabel aangetoon, oorskry. Weens werkdrukte en onvoldoende personeel was dit vir hierdie seksie onmoontlik om 'n gedetailleerde slumopname van hierdie gebiede uit te voer. Dit is egter op die program geplaas vir aandag vroeg in die nuwe jaar.

Slumopruiming in Nieblankegebiede.

Nog 'n suksesvolle jaar is ondervind met betrekking tot die opruiming van slumwonings en ander onbevredigende soorte huisvesting in al die Nieblankewoongebiede wat kragtens die Wet op Groepsgebiede tot Blankgebiede geproklameer is. Hierdie gebiede sluit in die dorpe Lady Selborne, Claremont, Highlands en Eastwood. Sanitêre en gesondheidstoestande in hierdie gebiede is uitsers onbevredigend. Gedurende die jaar het die Raad besluit om die verwydering van die bewoners van die Lady Selborne- en Claremontgebied te verhaas en die voorname is om met 'n blokper-blok- stelsel te begin om eiendomme te verkry en om daarna die inwoners te hervestig en om die geboue te sloop.

Hofgedinge.

Soos in vorige jare en in ooreenstemming met die algemene beleid van die Afdeling het ons voortgegaan om die samewerking van die publiek te verkry liewer as om hofgedinge in te stel. Daar is geen slumhofgedinge kragtens die Slumswet ingestel nie.

Daar is egter een aansoek by die Slumsopruimingshof ingedien om 'n herroeping van 'n verklaring wat ingevolge artikel 4 van die Wet op 31 Maart 1941 gedoen is. Die vereistes wat neergelê is toe die perseel tot slum verklaar is, is sedertdien nagekom en die aansoek is toegestaan. Dit was egter nodig om hofgedinge ingevolge die munisipale Slumsregulasies in te stel in die volgende gevalle:—

Aard van oortreding	Getal aanklagte.
Versuim om perseel in bevredigende strukturele toestand te hou.	3 (1 teruggetrek).
Toelating dat buitegeboue geokkupeer word.....	2 (1 geval onbeslis)
Toelating van oorbewoning.....	2
TOTAAL.....	7

Slopings en omskakeling van woonpersele.

'n Groot aantal aansoeke om toestemming om wonings te sloop of woonpersele vir besigheidsgebruik om te skakel is weer ingevolge die bepalings van die Wet op Behuising no. 10 van 1957 behandel.

Onderstaande syfers duif die getal aansoeke om die aangegewe redes aan:—

Vir die bou van woonstelle, kantore, winkels of huise.....	136
Uitbreidings aan skole, hostels, kerke, ens.....	6
As gevolg van optrede deur hierdie Afdeling.....	68
Omskakeling na besigheidspersele.....	28
TOTAAL.....	238

Gedurende die jaar is 23 besigheidspersele gesloop. Hoewel sloppingspermitté vir hierdie persele nie nodig is nie, is daarop aangedring dat sertifikate verkry word dat hierdie geboue knaagdieren ongediertevry is, voordat met die sloping begin is. Soortgelyke sertifikate is ten opsigte van alle ander sloppings en omskakelings uitgereik.

Besonderhede van aansoeke om wonings te sloop en omskakelings word in die volgende tabel verstrek:—

Aansoeke na die Departement van Gemeenskapsbou verwys.

	Getal wonings (5 of minder woonkamers elk)	Getal woon- kamers betrokke	Permitte toegestaan	Permitte geweier	Permitte hangende
Slopings.....	157	628	140	—	17
Omskakelings.....	18	57	18	—	—
TOTAAL.....	175	685	158	—	17

AANSOEKE VIR OORWEGING DEUR DIE STADSRAAD:

	Getal wonings (meer as 5 woonkamers elk)	Getal woon- kamers betrokke	Magtiging verleen	Magtiging geweier	Magtiging hangende
Slopings.....	53	568	41	—	12
Omskakelings.....	10	90	7	—	15
TOTAAL.....	63	658	48	—	27

Die syfers wat in die tabelle hierbo verstrek is, sluit slegs aansoeke om die sloping van huise in die Blankegebiede en die Asiatebuurt in.

Eiendomme wat deur die Stadsraad verkry word in die bestaande Nieblankegebiede wat tot Blankegebiede geproklameer is, word gesloop ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede no. 69 van 1955, soos gewysig, en kragtens magtiging wat deur die Minister van Binnelandse sale verleen is. Gedurende die jaar is daar ± 200 huise in die gebiede Lady Selborne en Claremont gesloop. Die totale aantal huise wat reeds in die gebiede gesloop is, is soos volg:—
Lady Selborne/Claremont: 618; Eastwood: 72; Eersterust: 256; Highlands: 61.

STATISTIEK OOR SLUMVOORKOMING EN -OPRUIMINGSWERK:

Besonderhede van slumopruimingswerk wat gedurende die verslagjaar onderneem is, is soos volg:—

Soort inspeksie	Getal persele
Hotelle en losieshuise.....	26
Private wonings.....	2,398
Buitegeboue.....	382
Persele voor en na slopingspermitte toegestaan is geïnspekteer.....	499
Persele voor en na omskakelingspermitte toegestaan is geïnspekteer.....	48
Wonings in gebiedsopnames.....	2,067
Klagtes ondersoek.....	427
Herinspeksies van persele.....	1,511
Crèches en kleuterskole.....	146
Ouetehuise.....	22
Diverse inspeksies.....	278
Inspeksies na ure.....	4
	<u>9,035</u>

Besonderhede van optrede na bogemelde inspeksies en ondersoek is soos volg:—

Kennisgewings bestel:

Verbod op okkupasie.....	100
Oorbewoning.....	168
Strukturele herstelwerk en opknappings.....	189
Bad-, was- en kookgeriewe.....	102
TOTAAL.....	<u>559</u>

Mondelinge waarskuwings en advies gegee.....	1,878
Briewe gerig (aanmanings, verlengings, besonderhede van werk vereis, ens.).....	221
Aangeleenthede na ander afdelings verwys.....	63
Onderhoude met lede van die publiek.....	1,164
TOTAAL.....	<u>3,326</u>
Totale getal oortredings waarmee gehandel is.....	2,437
Totale getal kennisgewings en aanseggings waaraan voldoen is...	2,112

KLEUTERSKOLE, CRÈCHES EN OUETEHUISE

Daar is nog 'n ernstige tekort aan inrigtings van hierdie aard met die gevolg dat 'n aantal navrae en aansoeke gedurende die jaar oorweeg is. Die meeste aansoeke wat voorgelê is, was in verband met private woonhuise wat die aanvraers wou ombou en aanpas vir gebruik as ouetehuise of crèches. Daar word groot sorg gedra om te verhoed dat private woonhuise wat nie aan die standaarde voldoen nie, vir sulke doeleindes gebruik word.

Die aard van hierdie geboue gee aanleiding tot talryke moeilikhede by voldoening aan die standaarde wat vir sulke inrigtings bepaal word en sommige aanvraers het, nadat hulle in kennis gestel is van die vereiste standaarde, besluit om nie met hul skemas voort te gaan nie.

Slegs 9 van die 19 inrigtings wat, na bekend is, huisvesting vir bejaardes in Pretoria verskaf, is vir die doel gebou en die origes is gewone wonings wat vir dié doel omgebou en aangepas is.

Weens die gebrek aan ander huisvesting is dit nie moontlik om aan te dring op onmiddellike en volledige nakoming van die vereistes nie. Daar word egter stappe gedoen om te verseker dat die basiese sanitêre geriewe onmiddellik verskaf en daarna in stand gehou word.

Gedurende die laaste helfte van die jaar was dit moontlik om meer aandag te skenk aan die inspeksie van kleuterskole en crèches met besondere klem op die boukundige en sanitêre aspekte.

Soos uit die aangehegte tabel gesien sal word, was daar baie min persele wat in alle opsigte aan die normale standaarde vir inrigtings van hierdie aard voldoen het.

Die samewerking van alle betrokkenes in die opheffing van bestaande standarde is baie bemoedigend, veral as daar in aanmerking geneem word dat die meeste van hierdie inrigtings op 'n nie-winsgewende basis bestuur word en dat baie tyd en energie aan die insameling van fondse vir die aanbring van verbeterings by die persele bestee moet word.

Besonderhede van kleuterskole en crêches:

	Totaal	Bevredigend	Uitstaande vereistes	Nog nie oop nie	Gesluit
Kleuterskole.....	21	3	18	—	—
Crêches (slegs babas).....	3	—	2	—	1
Crêches (babas en 2—6 jaar-ouderdomsgroep).....	5	—	4	—	1
Crêches (2—6 jaar-ouderdomsgroep).....	5	—	3	1	1
Crêches (2—6 jaar-ouderdomsgroep en skoolgaande kinders).....	4	—	4	—	—
Naskoolse sentrums.....	2	—	1	1	—
	40	3	32	2	3
Benaderde getal babas versorg.....				154	
Aantal kinders in die ouderdomsgroep 2—6 jaar.....				1,619	
Aantal kinders na skool versorg.....				165	

VERSLAG DEUR DIE BESTUURDER, AFDELING NIEBLANKESAKE: BEHUISING VAN NIEBLANKES

1. Atteridgeville:

Groot 475 morge en dit word beskou as een van die beste Bantoelekasies in die Republiek. Atteridgeville is in 1939 gestig; R819,724 is bestee aan die oprigting van 1,532 wonings en R494,178 aan die ontwikkeling van die gebiede en die dienste.

Daar is twee-, drie-, vier- en vyfkamerhuise wat ingevolge die nuwe beleid, volgens 'n ekonomiese grondslag aan die okkuperders verkoop of verhuur is.

Benewens dienste soos spoelriolering en vullisverwydering is daar 'n uitstekende kliniek wat deur gekwalifiseerde geneeshere en opgeleide verpleegsters bestuur word.

Die inwoners geniet uitmuntende sportgeriewe en daar word vir die meeste sportsoorte voorseening gemaak.

2. Lady Selborne:

Dit is 'n Bantoeedorp met eiendomsreg wat die Raad saam met die voormalige Munisipaliteit Hercules ingelyf het. Die gebied is oorspronklik in 1903 of 1905 aangelê en het uit 1,738 erwe bestaan. As gevolg van die ontwikkeling en uitbreiding van Pretoria is hierdie erwe in so 'n mate onderverdeel dat daar tans 1,495 grondbesitters en 'n bevolking van ongeveer 35,000 is.

Lady Selborne is deur die Groepsgebiederaad tot 'n Blankegebied verklaar. Meer as 3,000 gesinne is na die Bantoeorpe Atteridgeville en Mamelodi oorgeplaas. Tot op datum is 742 eiendomme deur die Raad aangekoop en alle eiendomme wat nie die Raad te koop aangebied word nie, sal gedurende die jaar onteien word en daar word verwag dat alle inwoners teen die einde van 1966 hervestig sal wees.

Dié gebied is nie gerioleer nie en is ernstigoorbevolk. Daar is 'n aantal stewige wonings tussen die groot aantal heeltemal onbevredigende hout-en-sinkhuise versprei. Daar is 'n ontspanningsaal, kliniek en crêche in die gebied, benewens 'n moderne kraaminrigting wat deur die Rooms-Katolieke Kerk bestuur word.

NUWE SKEMAS:

3. Mamelodi.

Tot dusver is daar 9,820 vierkamerhuise in die gebiede Mamelodi (Vlakfontein)-Wes en Mamelodi-Oos voltooi.

Daarbenewens is die volgende gebou: 18 skole, 83 winkels, gemeenskapsentrum, biersaal, poskantoor, administrasiegebou, 4 crêches, kliniek, geneesheer se spreekkamer, skrynwirkerswinkel, 'n kraaminrigting en 'n polisiekantoor.

'n Sportterrein is aangelê en 'n pawiljoen gebou. Twintig morge grond is vir 'n provinsiale algemene hospitaal uitgehou.

Die gebied ontwikkel geleidelik en voorkeur word gegee aan elektrisiteitsverskaffing, padbou en vloedwaterriolering.

Bevolking: 65,804.

4. Atteridgeville/Saulsville:

Tot dusver is 8,244 vierkamerhuise in die Atteridgeville/Saulsvillegebied voltooi.

Benewens 'n biblioteek, polisiekantoor, poskantoor, administrasiegebou, 4 crêches, 'n ontspanningsaal, 'n kliniek, 'n begrafnisonderneming en 'n moderne droogskoonmakery, is daar 20 skole en 8 winkels.

Die gebied ontwikkel volgens plan, met die klem op spoelrioolbenetting, elektrisiteit- en waterverskaffingsdienste, padbou en vloedwaterriolering.

5. Enkelkwartiere (tehuis):

(a) Saulsville:

Daar is 399 tehuisseenhede vir die huisvesting van 6,400 persone gebou en elektrisiteit word verskaf. Die gebied is gerioleer. Elke eenheid het gemeenskaplike warmwaterstortkrane en kombuisie toegerus met elektriese warmplate as kookgeriewe. Die maandelikse huurgeld is R2,00. Ongeveer 6,400 enkellopende Bantoes word tans daar gehuisves.

(b) Mamelodi:

Twee tehuisseenhede vir die huisvesting van 1,824 persone is voltooi. Nog ses eenhede word later gebou.

6. Algemeen:

Die elektriese treindiens na die Atteridgeville/Saulsville- en Mamelodi-gebiede werk doeltreffend.

7. Laudium:

Laudium is die nuwe Asiatedorp. 430 huise is reeds deur die Raad gebou en 36 deur private eienaars. Alle noodsaaklike dienste word verskaf.

Daarbenewens is administrasiekantore, 'n kliniek en vier winkels gebou.

Nog 100 subekonomiese huise sal opgerig word.

8. Kleurlinggebied:

Ingevolg die Wet op Groepsgebiede is 'n gedeelte van die plaas Derdepoort 469 en 'n gedeelte van die bestaande dorpe Eersterust en Despatch, wat ongeveer 800 morge beslaan, tot 'n gebied vir bewoning deur lede van die Kleurlinggemeenskap verklaar.

250 huise is gebou en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

'n Aantal gesinne word tydelik gehuisves in wonings wat deur die Raad oorgeneem is, 'n gemeenskapsaal is verskaf en 'n begraafplaas word tans aangelê.

Administrasiekantore, en 'n kliniek, is voltooi en 'n winkelblok en nog 524 subekonomiese huise word in die loop van die jaar gebou.

Hoofstuk X**BEHUIISING EN REHABILITASIE VAN BLANKES****1. ALGEMENE BEHUIISINGTOESTAND:**

Aan die einde van 1964 het die Stadsraad van Pretoria die volgende behuisingskemas besit:

A. Danville:

Skema	Getal huise	Maandelikse huurgeld/paaiement	
		Laagste	Hoogste
(a) Sub-ekonomies.....	200	R1.60	R19.45
(b) Ultralaekoste-ekonomies.....	200	R29.85	R31.27
(c) Omgeskakelde ekonomies.....	300	R20.00	R22.00
(d) Laekoste-ekonomies.....	100	R19.00	R35.00
(e) Ekonomies.....	100	R21.64	R40.94
(f) Ekonomies (dubbelverdiepings).....	50	R37.15	R39.90

B. Proclamation Hill:

(a) Sub-ekonomies.....	96	R4.50	R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	103	R20.00	R22

C. Hercules:

(a) Sub-ekonomies.....	57	R2.40	R5.67
(b) Ekonomies.....	57	R25.00	R32.00
(c) Wonings vir bejaardes (sub-ekonomies).....	12	R3.00	
(d) Nasionale Behuisingskema.....	4	±R30.00	

D. Buiteliggende Woongebiede:

(i) Nieu-Muckleneuk:			
(a) Sub-ekonomies.....	23	R3.50	R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	23	R20.00	R22.00
(ii) Villieria:			
(a) Sub-ekonomies.....	4	R5.45	R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	6	R20.00	R22.00
(iii) Rietfontein:			
(a) Sub-ekonomies.....	11	R4.85	R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	9	R20.00	R22.00
(iv) Wonderboomssuid:			
(a) Sub-ekonomies.....	11	R4.85	R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	16	R20.00	R22.00
(v) Mayville:			
(a) Sub-ekonomies.....	3	R4.85	R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	5	R20.00	R22.00
(vi) Pretoria-Wes:			
(a) Sub-ekonomies.....	11	R3.50	R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	3	R20.00	R22.00

Die genoemde omgeskakelde ekonomiese skemas was oorspronklik sub-ekonomiese skemas wat mettertyd in ekonomiese skemas omgeskep en verkoop is.

(vii) Hercules- en Mootgebied:			
Ekonomies (voorheen Herculeskemas).....	97	R13.00	R22.00
(viii) Gebiede Nieu-Muckleneuk en Capital Park			
Ekonomies.....	50	±R47.00	
(ix) Gebiede Danville en Pretoria-Wes (woonstelle):			
(a) Danville-woonstelle (Dié is almal tweekamerwoonstelle).....	18	R16.00	R17.00
(b) Pretoria-Wesgebied: Groenveld-woonstelle.....	30	R28.00	R37.00

E. Tentoontellingsterrein:

(a) Sub-ekonomies.....	99	R2.10	R16.45
(b) Wonings vir bejaardes (sub-ekonomies).....	30	R5.50	

L.W.—Die 99 sub-ekonomiese huise by die Skouterrein is met ingang van 1 Julie 1964 van ekonomiese tot sub-ekonomiese huise omgeskep.

F. Sentraal, Goedehoop en Ander Voorstede:

As gevolg van die beplanning van nuwe vryweë en ander padbouwerke, was die Raad verplig om verskeie eiendomme vir hierdie doel aan te koop.

'n Groot aantal eiendomme is reeds hiervoor aangekoop. In sommige gevalle waar die wonings nie ekonomies herstel kan word nie, word hulle gesloop.

Benewens die padbouprogram word algehele herbeplanning van die Goedehoopgebied ook in die vooruitsig gestel.

Die Raad verhuur tans die eiendomme wat aldus verkry is. Hulle sal uiteindelik gesloop word:

		Laagste	Hoogste
(a) Sentraal en ander voorstede.....	215	R28.00	R44.00
(b) Goedehoop.....	60	R12.00	R40.00
(c) Woonstelle—sentrale gebied (Ses blokke woonstelle bestaan uit 76 woonstelle, 78 enkel- en dubbelkamers).....	76	R12.00	R43.00
Maandelikse huurgeld vir enkel- en dubbelkamers..		R8.00	R19.00

G. Claremont, Riverside en Despatch:

Na aanleiding van die herbeplanning ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede, het die Raad 'n groot aantal eiendomme aangekoop en op die oomblik word die volgende getal eenhede verhuur:

(a) Claremont.....	149	R2.00	R36.00
(b) Riverside.....	8	R10.00	R13.00
(c) Despatch.....	6	R14.00	R18.00

H. Vanaf 1 Julie 1964 het die volgende bykomende behuisingskemas ook onder die Stadsraad van Pretoria geressorteer as gevolg van die inlywing van Silverton en Pretoria-Noord by die Groter Pretoriaskema.

(a) Silverton:

(i) Ekonomiese huise: 502.

Hierdie huise is almal deur individuele eienaars onder individuele Behuisingsleningskemas opgerig.

Die maandelikse paaiente wissel van R15.00 tot R27.00, na gelang van die grootte van die huis en die bedrag wat ingevolge die leningskema vereis word.

(ii) Diverse eiendomme: 8.

Hierdie huise is vir sekere munisipale skemas aangekoop en word tans verhuur teen huurgelde wat van R5.00 tot R35.00 per maand wissel.

(iii) Woonstelle:

Een blok van 57 woonstelle, bekend as die „J. J. Bosmanhuis” bestaande uit twee- en drieamerwoonstelle tesame met 18 garages, wat teen 'n huurgeld van R23.00 tot R34.00 per maand en R2.00 per maand vir die garages verhuur word.

(b) Pretoria-Noord:

Economiese huise: 266.

Soos in die geval van Silverton is hierdie huise ook opgerig ingevolge die individuele Behuisingsleningskema en die maandelikse paaiente wissel van R17.00 tot R27.00.

2. AANSOEKE ONTVANG OM BEHUIISING:

Gedurende die loop van die jaar is 1,257 aansoeke om behuising ontvang. (Dit is 36 minder as in die loop van die jaar geëindig 31 Desember 1963). 'n Groot aantal aansoekers is gehuisves terwyl dié wat nie onmiddellik gehuisves kon word nie, na ander huise getrek het.

Waglyste vir goedgekeurde huurders of kopers kragtens die verskillende skemas word gehou en sodra 'n huis beskikbaar is, word dit aan die persoon wie se naam volgende op die lys verskyn, aangebied.

3. VOORGESTELDE SKEMAS:

'n Skema vir bejaardes, bestaande uit 17 eenhede van drie huisies elk, word tans gebou en behoort voor Junie 1965 vir bewoning beskikbaar te wees.

